



BESLUITEREGISTER

16de vergadering van die

ALGEMENE SINODE

van die

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

**AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL, PRETORIA
Sondag 4 tot Vrydag 9 Oktober 2015**

BESLUITEREGISTER ALGEMENE SINODE 2015

ABORSIE (A.12 bl 254 pt 4.3.3, Notule Dag 6 pt 6)

Tot tyd en wyl hierdie saak voor die volgende Algemene Sinode dien, beveel ATLAS aan dat die Algemene Sinode die beginselstandpunt van 1982 (sien b hierbo) weer herbevestig en aan gemeentes kommunikeer om in die lig daarvan gemeentede in te lig en te begelei.

ADRI-LOUISE VAN REENEN-FOURIE (A.15 bl 317 pt 2.9.4.3, Notule Dag 4 pt 4)

Die Algemene Sinode vereenselwig sigself met die huldeblyk van die Moderamen oor me Adri-Louise van Renen-Fourie. Die Sinode huldig hiermee een van die Here se besondere gewes aan die NG Kerk.

AFGEVAARDIGDES (A.1 bl 10 pt 3.3, T.18.1 bl 1 pt 2.1.2, Notule Dag 2 pt 3)

Die Algemene Sinode neem kennis van die bewoording van die *Kerkorde 2013*, Artikel 38.2.

ALGEMENE KURATORIUM: BEGROTING (A.16.1 bl 341 pt 1.4, Notule Dag 3 pt 16)

Die Algemene Sinode begroot vir die administratiewe werksaamhede van die Algemene Kuratorium.

ALGEMENE PREDIKANTEKONFERENSIE (A.15 bl 313 pt 2.4.2.3; vgl ook A.10; Notule Dag 6 pt 7)

2.4.2.3.1 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om so gou moontlik 'n Algemene Predikantekonferensie vir die NG Kerkfamilie se leraars te reël.

2.4.2.3.2 Die Algemene Sinode versoek lidmate en hulle sakeondernemings wat daartoe in staat is om as borge vir hierdie unieke geleentheid op te tree.

AMPSBESKOUING (A.16.1 bl 346 – 347 pt 8, T.16.1.1 bl 1 pt 3, Notule Dag 3 pt 16)

3.1 Die Algemene Sinode versoek die Algemene Kuratorium om te sorg dat die voorlopige verslag oor Ampsbediening wat gedien het voor die Algemene Kuratorium, voortgesit word in ooreenstemming met die oorspronklike opdrag van 2013 en dat die finale verslag sal dien voor die volgende Algemene Sinode.

APOSTOLICUM (A.15 bl 312 pt 2.1.1, A.12 bl 252 pt 3.4.2, Notule Dag 6 pt 6)

3.4.2.1 Die Algemene Sinode herbevestig sy vorige besluit om hierdie eietydse uitleg van die Apostoliese Geloofsbelydenis as kontoer-dokument te aanvaar wat as riglyn vir gesprek in die Kerk oor ons eietydse geloof kan geld.

3.4.2.2 Die Algemene Sinode neem kennis daarvan dat daar ook 'n verskil van mening is (verwys na Vrystaat in besonder) oor hierdie dokument en versoek ATLAS om in gesprek te bly, asook beskikbaar te wees, vir verdere gesprek met diegene met besware.

3.4.2.3 Die Algemene Sinode versoek sinodes om die dokument in behandeling te neem by hulle volgende sinodesittings en daaroor in diepte te besin, aangesien dit die hart van ons geloof raak vir vandag. Reaksie en kommentaar is steeds welkom en kan aan ATLAS (adres van Algemene Sekretaris) gerig word.

3.4.2.4 Die Algemene Sinode neem met dankbaarheid kennis van die Engelse weergawe van die Apostolicum en vertrou dat beide weergawes deur BM beskikbaar gestel sal word.

3.4.2.5 Die Algemene Sinode neem ook met dank kennis van die publikasie "Om nuut te glo (en leef) op een lyn met die geloof van eeue". Dit is die seweweek saamreisgids oor die Apostolicum wat by BM verskyn het en op lidmate gerig is.

APPÉL/BESWAARSKRIF: DS ANDRÉ FOURIE

Kyk by Belydenis van Belhar.

ARGIEFBEWAAARPLEKKE (A.2 bl 27 pt 4.3, Notule Dag 2 pt 14)

Die Algemene Sinode keur die ASA se wysigings aan die Algemene Beleid "Beleid vir Argiefbewaarplekke" (ARGIEF BYLAAG 2) in sy geheel goed.

ARTIKEL 1 (Aanvullende Agenda A.3 bl 17 pt 6, Notule Dag 2 pt 15)

6.1 Die Algemene Sinode ontvang die uitslag en verslag ten opsigte van die Artikel 1-proses en verwys dit na sinodes om in hulle eie konteks daaraan aandag te gee soos hulle nodig ag.

6.2 Die Algemene Sinode aanvaar die gegewe dat Artikel 1 van die Kerkorde nie gewysig kan word soos deur die vorige Algemene Sinode aanbeveel nie.

6.3 Die Algemene Sinode rig die volgende pastorale skrywe aan die kerkverband:

Met die skrywe van die Moderamen in Junie 2014 is die finale fase betree waar lidmate, kerkrade en sinodes hulle goedkeuring moes gee vir die voorgestelde wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde. Die proses het oor die algemeen baie vlot verloop. Stemme is op verskillende wyses uitgebring, getel en die uitslae is voorsien aan die Moderamen wat dit op hulle beurt voorgelê het aan die Algemene Sinode.

Die Algemene Sinode 2015 het daarop die volgende besluite geneem:

1 Die Algemene Sinode ontvang die uitslag en verslag ten opsigte van die Artikel 1-proses en verwys dit na sinodes om in hulle eie konteks daaraan aandag te gee soos hulle nodig ag.

2 Die Algemene Sinode aanvaar die gegewe dat Artikel 1 van die Kerkorde nie gewysig kan word soos deur die vorige Algemene Sinode aanbeveel nie.

3 Die Algemene Sinode rig hierdie pastorale skrywe aan die kerkverband.

Uit die terugvoering wat van die kerkrade, ringe en sinodes ontvang is, is dit duidelik dat daar inderdaad groot moeite gedoen is om die proses korrek en eerbaar te laat verloop. Ongelukkig het ons ook kennis geneem daarvan dat daar lidmate, ampsdraers en selfs hele gemeentes is wat diep seergekry het en steeds seerkry. Ons het gehoor van spanning, teleurstelling en ernstige en eerlike worsteling met vrae oor die proses, die uitslae en die moontlike gevolge daarvan vir lidmate, gemeentes, verhoudinge in die NG Kerk en die NG Kerk se verhoudinge met die ander kerke in die NG Kerkfamilie.

Ons bedede is dat die Here deur sy Woord en Gees nou ná alles weer heling sal bring in die gemoedere van lidmate, ons onderlinge verhoudinge en ons kerk se verhoudinge na buite. Ons doen dan ook 'n beroep op sinodes en kerkrade om hulle met die nodige deernis en begrip te beywer vir versoening tussen lidmate deur hulle aan te moedig om in opregte liefde vir die Here, sy kerk en mekaar in respek en vertrouwe hande te vat sodat ons almal saam ons roeping in Suidelike Afrika kan uitleef. Met die oog daarop is die woorde van Lied 532 baie gepas:

Ons Vader, neem ons hande en maak ons een.

Versterk U self die bande – gee ons u seën.

Bind ons in u genade aan U, o Heer,

en leer ons om met dade u Naam te eer.

Heer, wees vir ons 'n Vader wat sorg en sien.

Trek ons in Christus nader om U te dien.

Laat, Heer, u Gees ons voorgaan, laat Hy ons lei,

Dat ons u Woord gehoorsaam – ons aan U wy.

Leer ons mekaar vergewe, mekaar vertrou.

Laat ons die hele lewe op liefde bou.

Laat heers oor ons u vrede, en bind ons saam.

Verhoor tog ons gebede in Jesus Naam. Amen.

ARTIKEL 7 (A.18 bl 414 pt 13.2.3, Notule Dag 5 pt 17)

Die verlening van bevoegdheid om as predikant (bedienaar van die Woord) beroep te word, die behoud daarvan en die beëindiging daarvan, geskied deur die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde.

ARTIKEL 7 EN REGLEMENT 11 (A.16.3 bl 359; T.16.3.1 bl 2 pt 4.1, Notule Dag 6 pt 17)

Die Algemene Sinode besluit om die saak oor die wysiging van Artikel 7 en Reglement 11 te laat ontstaan om later in oorleg met die Tydelike Taakspan Regte weer te dien.

ARTIKEL 12.7: VOETNOTA BY (A.18.bl 414 pt 13.2.4, Notule Dag 5 pt 17)

Voeg die volgende voetnota in by Artikel 12.7: Vergelyk die *Reglement vir die Bestuur van Diensverhoudinge by Wangedrag, Ongeskiktheid en Onvermoë.*

ARTIKEL 26.2: VOETNOTA BY (A.18 bl 407 pt 5.1.2, Notule Dag 5 pt 17)

Die Algemene Sinode besluit om die volgende in die Kerkordeboek op te neem as voetnota by Artikel 26.2: “Die beginsel word gehandhaaf dat alle bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens in die kerkraad (kerkraad en/of gedesentraliseerde kerkrade) moet dien (vgl Artikels 26.2 en 27.1).”

ARTIKEL 35

Kyk by Belydenis van Belhar.

ARTIKEL 44.1, 2: WYSIGING DAARVAN EN DIE VOORTVLOEIENDE STEMPROSES OOR DIE VOORGESTELDE WYSIGING VAN ARTIKEL 1 VAN DIE KERKORDE SOOS IN PUNT 2 EN 3 VAN DIE ALGEMENE SINODE 2013 SE BESLUIT OOR DIE BELYDENIS VAN BELHAR VERVAT (B.2 bl 429, T.3.2 bl 1 pt 1.3, Notule Dag 5 pt 12)

1.3.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die beswaarskrif.

1.3.2 Die Algemene Sinode verwys die beswaarskrif van ds Theron oor Artikel 44 na die Algemene Steunspan Regte vir studie met verslag aan die volgende Algemene Sinode.

ARTIKEL 48.3.5: PROSEDURE BY DIE IMPLEMENTERING VAN (A.18 bl 407 pt 5.2.2, Notule Dag 5 pt 17)

5.2.2.1 Die Algemene Sinode keur die volgende riglyne goed vir opname in die Kerkordeboek: RIGLYNE VIR DIE LEI VAN EREDIENSTE DEUR OUDERLINGE (vergelyk Artikel 48.3.5 en Artikel 4, 10 en 16.1.8):

1. Indien die ring die behoefte goedkeur om op grond van plaaslike omstandighede aan ouderling(e) preekvergunning te gee met die oog op die leiding van openbare eredienste, nomineer kerkrade dienende ouderling(e) wat oor die gawes beskik om 'n openbare erediens te lei en beveel die genomineerdes by die ring aan om die goedgekeurde opleidingsprogram van die sinode te deurloop.

2. Ná goedkeuring deur die ring of sy gevolmagtigde, skryf die kerkraad die ouderling in vir opleiding en toerusting van die goedgekeurde opleidingsprogram. Die kerkraad/ring behoort in te staan vir die aansoeker se opleidingskoste.

3. Ná die suksesvolle voltooiing van die opleiding word die ouderling se taakoms krywing uitgebrei om die lei van openbare eredienste in die ringsgebied ooreenkomstig Art 16.1.8 in te sluit.

4. Die ring of sy gevolmagtigde wys 'n predikant uit sy geledere aan om deurlopend aan sodanige ouderling(e) begeleiding te gee. Die begeleier doen jaarliks skriftelik verslag aan die ring ten opsigte van die geskiktheid van die ouderling.

5. Die ouderling word aangewend soos en waar die bedieningsnood deur die ring geïdentifiseer is. By elke erediens wat die ouderling lei, tree die persoon op onder die toesig van die betrokke kerkraad.

6. 'n Ouderling behou die preekvergunning vir solank hy in die amp staan en op voorwaarde dat die ring dit jaarliks goedkeur.

7. Van opgeleide ouderlinge word verwag om voortgesette opleidingsprogramme by te woon.

ARTIKEL 66.4.3 (A.18. bl 414 pt 13.2.5, Notule Dag 5 pt 17)

Herstel in diens van die gemeente/kerkverband kan alleen geskied na suksesvolle geslaagde appèl en indien die appèlliggaam so beslis.

ASBV EN BDV (A.15 bl 314 pt 2.5.4, Notule Dag 4 pt 5)

Die Algemene Sinode keur die aanbevelings van die Moderamen in pt 2.5.2 goed en dra dit aan die Tydelike Taakspan vir Steun- en Taakspanne op om 'n aanbeveling tov die voorgestelde substeunspan te maak:

***1 Die Algemene Sinode besluit dat die Reglement vir die Algemene Steunspan Bybelvertaling, -verklaring en -verspreiding aangevul word by punt 3 "Opdrag" met 'n punt 3.5, naamlik "Adviseer die Algemene Sinode met die oog op die goedkeuring van Bybelvertalings wat in opdrag van die Algemene Sinode deur die Bybelgenootskap vertaal is."**

***2 Die Algemene Sinode besluit om 'n substeunspan vir die ASBV saam te stel wat bestaan uit NG Kerk-teoloë wat deeglik onderlê is in die grondtale en vertalingskundig is, asook dogmatici wat perspektiewe kan aanvul oor die teologiese betekenis van vertalingsopsies.**

***3 Die substeunspan sal bestaan uit persone wat nie betrokke is by die BDV nie, of ten minste nie aangewend sal word om vertalings te beoordeel waarby hulle self reeds betrokke was nie.**

***4 Die substeunspan tree met die Bybelgenootskap in gesprek oor die benadering en uitgangspunte wat gevolg is ten aansien van die direkte vertaling.**

***5 Die substeunspan nooi akademici, leraars en lidmate uit om die proefvertalings, wat op die Bybelvertalingswebwerf verskyn, te beoordeel en voorleggings te maak aan die substeunspan met die oog op verbeterings van die vertaling.**

***6 Die substeunspan maak voorleggings aan en tree in gesprek met die Bybelvertalers oor vertalingskwessies waarvoor hulle besorg is, wat problematies is of wat verdere toeligting vereis.**

***7 Die substeunspan doen aan die ASBV verslag en die ASBV aan die ASM oor die vordering met die beoordeling van die BDV.**

***8 Die substeunspan tree in gesprek met vertalers wat in die vertalingskommissie van die Bybelgenootskap dien met die versoek dat laasgenoemde self aandui watter kwessies in die vertalingsproses vir hulle problematies was en verdere besinning van die kerk vereis.**

***9 Die substeunspan beoordeel die genoemde kwessies in 'n verdere besinning en gee terugvoer aan die vertalingskommissie daarvoor.**

***10 Die ASBV doen verslag aan die Moderamen oor die vordering en uitkomste van hierdie proses.**

ASSOSIASIE/AFFILIASIE MET DIE KERKVERBAND: ALTERNATIEWE VORME

Kyk by Kerkhereniging: Assosiasie/affiliasie ...

ASP-HANDLEIDING (A.16.3 bl 357 pt 4.4.2, Notule Dag 4 pt 10)

Die Algemene Sinode:

4.4.2.1 neem kennis van die ASP-Handleiding wat ontwikkel is;

4.4.2.2 moedig kerklike vergaderinge aan om van die Handleiding gebruik te maak;

4.4.2.3 versoek kerklike vergaderinge om enige verdere kommentaar aan die ASP deur te stuur teen 31 Maart 2016 met die oog op die opgradering van die Handleiding.

B.1 PROSESVOORSTEL TOV B.1 (Notule Dag 6 pt 7)

1. Die Algemene Sinode aanvaar die beginsels vervat in A.15 Moderamen Bylae 3 (bl 325 – 331). Die beskrywingspunt van Noord-Kaapland (B.1. Algemene Bevoegdheidsraad (ABR)) is daarin volledig hanteer en afgehandel.

2. Moderamen Bylae 3 word na die ASR verwys om aan die hand van die beginsels daarin vervat Reglement 11 te wysig vir voorlegging aan die volgende Algemene Sinode. Dit geskied in oorleg met die ASP.

BEDIENAARS VAN DIE WOORD/LERAARS/PREDIKANTE: BENAMING VAN IN DIE KERKORDEBOEK (A.18 bl 414 pt 13.2.2.1, Notule Dag 5 pt 17)

Die Algemene Sinode keur dit goed dat die term “predikant” deurgaans in die Kerkorde gebruik word. Met die hersiening van die Kerkorde moet die hele Kerkordeboek aan die hand hiervan redaksioneel versorg word.

BEDIENINGSBEOORDELINGSISTEEM (A.16.3 bl 357 pt 4.3.2, Notule Dag 4 pt 10)

Die Algemene Sinode:

4.3.2.1 neem kennis van die konsepmodel wat ontwikkel is om kerklike vergaderings te help om bedienaars van die Woord se bediening en amptenare se werk te evalueer en te ondersteun.

4.3.2.2 moedig kerklike vergaderings aan om die konsepmodel te gebruik en kommentaar aan die ASP deur te stuur nie later as 31 Maart 2016 nie.

BELEGGINGS (A.6.1 bl 74 pt 5.2, Notule Dag 3 pt 5)

Die Algemene Sinode besluit om:

5.2.1 die mandaat dat die ASFB die verantwoordelikheid het om sy beleggingsportefeulje deurlopend te beskerm deur te verseker dat die nodige maatreëls in plek is, te herbevestig.

5.2.2 die Beleggingskommissie se verslag met dank te aanvaar.

BELEGGINGSBELEID (A.6.1 bl 75, T.6.1.1 bl 1 pt 6.3.2, Notule Dag 3 pt 5)

6.3.2.1 Die Sinode keur die volgende wysiging aan die Beleggingsbeleid goed:

Nuwe §4.2.5:

Die Algemene Sinode moet beleggingspapier besit wat 'n gradering het van:

Moody's		S&P		Fitch	
Long-term	Short term	Long-term	Short-term	Long-term	Short-term
Aaa	P-1	AAA	A-1+	AAA	F1+
Aa1		AA+		AA+	
Aa2		AA		AA	
Aa3		AA-		AA-	
A1	P-2	A+	A-1	A+	F1
A2		A		A	
A3		A-	A-2	A-	F2
Baa1		BBB+		BBB+	
Baa2		BBB		BBB	
Baa3	BBB-	A-3	BBB-		

met inagneming die verantwoordelikheid wat op Kategorie 2-Fondsbestuurders berus.

BELEID: FONDSE EN BATES (A.6.1 bl 75 pt 6.2.2, Notule Dag 3 pt 5)

Die Algemene Sinode neem kennis van die beleide wat deur die ASFB goedgekeur en geïmplementeer is.

BELYDENISGRONDSLAG VAN DIE NG KERK (B.7 bl 449, T.3.2 bl 2 – 3 pt 2.1 – 2.7, Notule Dag 5 pt 12)

1. Die Algemene Sinode neem kennis van die beskrywingspunt.

2. Die Algemene Sinode handhaaf die uitgangspunt dat die belydenisgrondslag van die kerk op 'n skriftuurlik-teologiese grondslag en daarmee saam gereformeerde kerkregbeginsels, vasgestel moet word.

3. Die Algemene Sinode verwys die uitbreiding wat in 2002 by Artikel 44.1 aangebring is én Reglement 24 na die Algemene Steunspan Regte vir studie met verslag aan die volgende Algemene Sinode.

4. Die Algemene Sinode gee aan die Algemene Steunspan Regte (ASR) opdrag om ondersoek in te stel of die kerk se regsposisie wat deur die hof as vrywillige vereniging gedefinieer is, in ooreenstemming is met (die NG Kerk se) identiteit as gereformeerde geloofsgemeenskap en met Artikel 3.3 van die Kerkorde.

BELYDENIS: TYDELIKE TAAKSPAN BELYDENISSKRIFTE (T.3.1 bl 1, pt 1.4, Notule Dag 2 pt 25)

Die Algemene Sinode keur die samestelling van die Tydelike Taakspan Belydenisskrifte goed.

BELYDENIS VAN BELHAR – APPÉL/BESWAARSKRIF: DS ANDRÉ FOURIE (B.4 bl 432, A.3

(Laatstuk: Verslag van Appèlkommissie) bl 1 pt 3, Notule Dag 2 pt 25)

Die Algemene Sinode keur die optrede van die Appèlkommissie goed.

BELYDENIS VAN BELHAR (B.5 bl 435, T.3.2 bl 4 – 8 pt 3.1 – 3.7, Notule Dag 5 pt 12) (Goedgekeur met tweederde meerderheid)

1. Die Algemene Sinode besluit om dit vir sinodes moontlik te maak om ander belydenisskrifte wat nie in stryd met die Skrif, die drie Formuliere van Eenheid en erkende ekumeniese belydenisse is nie, deel van (die sinode se) belydenisgrondslag te maak.

2. Die Algemene Sinode besluit om Artikel 35 van die Kerkorde te wysig deur die byvoeging van Artikel 35.7:

Die opname van ander belydenisskrifte in die kerklike bepalinge van die sinode, op voorwaarde dat:

35.7.1 die Algemene Sinode vooraf bevind het dat sodanige belydenisskrif nie in stryd is met die Skrif, die Formuliere van Eenheid en die erkende ekumeniese belydenisse nie;

35.7.2 minstens twee derdes van 'n sinode ten gunste daarvan besluit;

35.7.3 minstens twee derdes van die kerkrade van 'n sinode ten gunste daarvan besluit en die nodige approbasie verkry is;

35.7.4 dit sonder dwang vir lidmate, ampsdraers en ander kerkvergaderinge binne die sinodale gebied geskied, en

35.7.5 dit nie as 'n wysiging van die NG Kerk se gemeenskaplike belydenisgrondslag beskou word nie.

3. Die Algemene Sinode gee aan die NG Kerk in Wes- en Suid-Kaapland en ander sinodes wat daarom vra, toestemming om kragtens (die nuwe) Artikel 35.7 die Belydenis van Belhar deel van die sinode se belydenisgrondslag te maak.

BELYDENIS: WERKWYSE TOV BESKRYWINGSPUNTE WAT DIE BELYDENIS RAAK (T.3.1 bl 1, pt 3, Notule Dag 2 pt 25)

Die Algemene Sinode versoek die Tydelike Taakspan Belydenisskrifte om in oorleg met die Tydelike Taakspan Regte die vergadering met aanbevelings te dien binne die raamwerk van hulle beoogde werkwyse.

BELYDENISSKRIFTE: GRAVAMEN (B.8 bl 452, A.12 bl 252, pt 3.6.2, Notule Dag 6 pt 6)

3.6.2.1 Die Algemene Sinode versoek die Tydelike Taakspan vir Leerstellige en Aktuele Sake om die Sinode ter sitting te dien met aanbevelings en voorstelle in hierdie verband.

3.6.2.2 Die Algemene Sinode beveel by die taakspan aan om in ooreenstemming met die voorstelle van ATLAS oor die hermeneutiek van tekste, leiding te gee oor die herskryf/verbetering, sowel as die status, van historiese dokumente.

BELYDENISSKRIFTE: BYWERKING VAN DIE (B.8 bl 452, A.12 bl 252 pt 3.6.2, T.12.1 bl 5 pt 2.9, Notule Dag 6 pt 6)

2.9.1 Die Algemene Sinode erken die behoefte aan 'n eenvoudiger vertaling van die belydenisskrifte in hedendaagse Afrikaans.

2.9.2 Die Algemene Sinode besef ook dat die konsep van "hedendaagse Afrikaans" kompleks is, nie alleen in generatiewe sin nie, maar ook in kultureel-diverse sin.

2.9.3 Die Algemene Sinode versoek ATLAS om met voorstelle soos in die geval van hierdie beskrywingspunt, 'n proses te ontwikkel om in teologiese gesprek te tree met die voorstellers daarvan – ook met die oog daarop om self uiteindelik aan 'n eenvoudiger bewoording te werk.

2.9.4 Die Algemene Sinode versoek ATLAS om soortgelyke pogings in die ekumeniese kerk na te vors om vas te stel of daar nie alreeds, ofskoon in 'n ander taal, voorbeelde van meer resente vertalings van die belydenisskrifte bestaan om van te leer nie.

2.9.5 Die Algemene Sinode aanvaar hierdie beskrywingspunt nie as *gravamen* nie, maar verwys die hantering daarvan na ATLAS om met die voorsteller(s) daarvan op 'n proses van gesprek en beoordeling ooreen te kom.

2.9.6 Die Algemene Sinode versoek ATLAS om die volgende sinode oor die vordering hiervan in te lig.

BELYDENISSKRIF: OPSTEL VAN 'N EIETJDSE (B.14 (Aanvullende Agenda) bl 97, T.3.2 bl 8 pt 4, Notule Dag 5 pt 12)

4.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die beskrywingspunt.

4.2 Die Algemene Sinode verwys die beskrywingspunt van die Ring van Boshoff na Leerstellige en Aktuele Sake met verslag aan die volgende Algemene Sinode.

BELYDENISDOOP (B.6 bl 436, T.12.1 bl 2 pt 1.7, Notule Dag 6 pt 4)

1.7.1 Die Algemene Sinode herbevestig weereens al die jongste besluite (2011; 2013) oor die doop wat die standpunt van die NG Kerk as Gereformeerde kerk tot uitdrukking bring en wys hiermee die gravamen af.

1.7.2 Die Algemene Sinode versoek sinodes om die noue samehang van die sakramente (doop en nagmaal) deurlopend onder aandag van gemeentes te bring, waarin die genade-karakter van die evangelie onomwonde verkondig word (verwys studiestuk van 2013 in hierdie verband).

1.7.3 Die Algemene Sinode besluit om nie weer die moontlikheid van 'n sogenaamde belydenisdoop (wat in die praktyk soos versoek, nie anders as 'n her-doop verstaan kan word nie) verder te oorweeg nie.

1.7.4 Die Algemene Sinode wys daarop dat die onderskeid wat tussen bedienaars van die woord en lidmate gemaak word, nie die gelykwaardigheid van alle ampte negeer nie. Gelykwaardig beteken nie dat hulle dieselfde is nie. Hierdie onderskeid is gebaseer op die legitimisasie van predikante, wat hulle nie alleen die legitimiteit gee om die doop te bedien nie (in onderskeid met ander ampte), maar hulle ook daartoe verbind om lidmate deur leer en voorbeeld voor te gaan in die uitleef van ons Gereformeerde leer.

BELYDENIS VAN GELOOF (T8.3.1 bl 1 pt 3, Notule Dag 3 pt 13)

3.1 Die Algemene Sinode keur goed dat die bakens wat in hierdie verslag vervat is as raamwerk kan dien vir verdere besinning wat sal lei tot die vestiging van 'n bedieningshouding en uiteindelik 'n nuwe bedieningsstyl.

3.2 Die Algemene Sinode besluit dat die Projekspan Belydenisaflegging voortaan as subspan van die Projekspan vir Jeugbediening funksioneer.

BESLUIE: IN-WERKING-STEL VAN (A.1 bl 16 pt 15.5, T.18.1 bl 1 pt 2.4.2, Notule Dag 2 pt 3)

Die Algemene Sinode neem kennis van die bewoording van *die Kerkorde 2013, Reglement van Orde*, pt 9.5.

BRUGBEDIENING: RIGLYNE VIR (A.18 bl 412 pt 11.2, Notule Dag 5 pt 17)

Die Algemene Sinode amendeer die vorige riglyne met die volgende:

RIGLYNE VIR BRUGBEDIENING (2015)

1. DEFENISIES

1.1 **Brugbediening** is 'n korttermynbediening en het ten doel om 'n gemeente te begelei in die oorgangstyd nadat 'n vakature ontstaan het.

1.2 'n **Brugpredikant** is 'n gelegitimeerde bedienaar van die Woord van die NG Kerk met opdrag: oorgangsbegeleiding van die gemeente (brugbediening).

1.3 'n **Vastetermynpos** is 'n pos wat aan die hand van die prosedure soos uiteengesit in Reglement 13, Kerkorde, 2013/15, geskep en gevul word.

2. AARD VAN 'N BRUGBEDIENINGSPOS EN DIE TERMYN

2.1 Die pos vir 'n leraar wat benoem word vir brugbediening is 'n vastetermynpos en word aan die hand van die riglyne in Reglement 13, Kerkorde 2013/2015, geskep en gevul.

2.2 'n Pos vir brugbediening kan voltyds of deelyds gevul word na gelang van die gemeente se situasie en behoeftes, en het 'n duidelik-omskrewe taakomskrywing en 'n definitiewe termyn.

2.3 'n Pos wat geskep is vir brugbediening se termyn kan strek van 3 tot 6 maande (in uitsonderlike gevalle kan die termyn tot 'n maksimum van 9 maande verleng word).

2.4 By verstryking van die termyn, kan die pos vir 'n maksimum van drie maande deur dieselfde of 'n ander bedienaar van die Woord gevul word op voorwaarde dat die ring of sy gevolmagtigde instemming daartoe verleen en 'n nuwe diensooreenkoms tot stand kom.

2.5 'n Bedienaar van die Woord wat in 'n pos benoem is vir brugbediening tree op datum van die verstryking van die termyn uit diens van die gemeente.

2.6 'n Bedienaar van die Woord wat in 'n pos benoem is vir brugbediening kan vóór verstryking van die termyn weens wangedrag, ongeskiktheid en bedryfsvereistes uit diens van die gemeente/kerkverband ontslaan word (vergelyk die *Reglement vir die Bestuur van Diensverhoudinge by Wangedrag, Ongeskiktheid en Onvermoë*).

2.7 By diensbeëindiging na verstryking van die termyn, word die bevoegdheid van bedienaar van die Woord/emeritus behou.

3. SKEP VAN POS

3.1 Wanneer 'n vakature in 'n gemeente ontstaan, begelei die konsulent die kerkraad om 'n gemotiveerde voorlegging aan die ring of sy gevolmagtigde voor te lê oor die wenslikheid van die skep van 'n pos vir 'n brugbediening.

3.2 Die ring of sy gevolmagtigde keur die pos vir brugbediening goed met in agneming van die volgende:

3.2.1 die gemeente se bedieningsbehoefte en finansiële omstandighede tydens die vakature;

3.2.2 die advies van die sinodale kommissie kan ook ingewin word;

3.2.3 'n pos vir brugbediening kan nie geskep word om die bevoegdheid van bedienaar van die Woord te verkry of te behou nie, of om sitting in kerklike vergaderinge te verkry nie;

3.2.4 gegewe die sinodale riglyne word in dieselfde gemeente gelykwaardigheid in diensvoordele gehandhaaf tussen 'n predikantpos vir brugbediening en 'n pos vir 'n onbepaalde termyn, en word vergoed volgens die algemene sinodale riglyne;

3.2.5 vergoeding mag wel in uitsonderlike omstandighede *vooraf onderhandel* word tussen partye met dien verstande dat die bostaande riglyn sal geld indien die gemeente dit kan bekostig;

3.2.6 indien die pos vir brugbediening ses maande of korter is, is dit nie pensioendraend nie en berus die vergoeding op die beginsel van totale koste van indiensneming. Indien die pos vir brugbediening vir 'n periode van langer as ses maande is, geld die bepalinge van Reglement 15: Reglement vir vaste termynposte.

3.3 Die pos vir brugbediening het duidelik-omskrewe bedieningsverpligtinge wat met die amp van bedienaar van die Woord in direkte verband staan, en die ring of sy gevolmagtigde adviseer die kerkraad oor:

3.3.1 die termyn vir die kontrakperiode van die predikant in die brugbedieningspos;

3.3.2 opstel van die diensooreenkoms;

3.3.3 opstel van die pligtestaat aan die hand van Kerkorde Artikel 9.

3.4 Nadat die ring of sy gevolmagtigde die pos en die voorgestelde diensooreenkoms goedgekeur het, kan die kerkraad oorgaan tot die benoemingsproses.

4. BENOEMING

4.1 Die Kerkraad benoem 'n geskikte kandidaat as brugpredikant in ooreenstemming met die kerklike voorskrifte (Artikel 7 van die *Kerkorde*), en finaliseer in oorleg met die ring of sy gevolmagtigde die diensooreenkoms.

4.2 Die benoeming geskied tydens 'n kerkradsvergadering uit 'n groslys van ten minste twee name van predikante (wat geskikte emeriti insluit).

4.3 Bedienaars van die Woord kan as brugpredikant benoem word:

4.3.1 wat die opleiding as brugpredikant deurloop het;

4.3.2 wat oor 'n wye bedieningservaring beskik;

4.3.3 wat vertrou is met die breë kerkverband se funksionering;

4.3.4 wie se VBO-punte op datum is; en

4.3.5 na oorleg met die sinodale strukture en deur die ring of sy gevolmagtigde geskik geag is vir die spesifieke gemeente se omstandighede en bedieningsbehoefte.

4.4 Die benoemde se naam word aan die gemeente voorgelê vir approbasie by twee Sondae se eredienste.

5. AANSTELLING EN BEVESTIGING

5.1 Nadat approbasie verkry is, keur die ring of sy gevolmagtigde die benoeming goed tesame met die finale diensooreenkoms.

5.2 Nadat die skriftelike aanvaarding van die diensooreenkoms deur die benoemde ontvang is, word die benoemde as bedienaar van die Woord in die gemeente bevestig.

6. POSISIE VAN DIE PREDIKANT IN 'N BRUGBEDIENINGSPOS

6.1 Die brugpredikant kan verkies word as voorsitter van die kerkraad aan die hand van Artikel 28 van die *Kerkorde*;

6.2 kan nie as kandidaat oorweeg word vir die vulling van die vakature nie;

6.3 kan na meerdere vergaderings afgevaardig word;

6.4 staan onder opsig en tug van die ring.

7. OPDRAG VAN PREDIKANT IN 'N BRUGBEDIENINGSPOS

Die predikant in 'n brugbedieningspos begelei die gemeente ten opsigte van visionering en beplanning met die oog op die toekomstige bedeling:

7.1 om oor haar eie geskiedenis (verlede) na te dink;

7.2 om haar identiteit te herontdek, en God se roeping vir die gemeente vir die volgende jare te verstaan;

7.3 deur die proses om afskeid te neem van 'n bedeling wat verby is en voorbereidings te tref vir 'n nuwe bedeling of fase in die gemeentebediening;

7.4 in hulle verhouding met die breë kerkverband;

7.5 ter voorbereiding vir 'n nuwe predikant.

7.6 Die predikant in 'n brugbedieningspos:

7.6.1 doen maandeliks verslag aan die kerkraad en ringskommissie.

BRUGBEDIENING (A.16.3 bl 356 pt 4.1.4.2.4, bl 362 pt 3.1.4; T.16.3.1 bl 1 pt 1.1, Notule Dag 6 pt 17)

Die Algemene Sinode:

1.1.1 besluit dat die saak van Brugbediening deur die Projekspan Gemeentebediening hanteer moet word.

1.1.2 besluit om die Riglyne vir Brugbediening te gebruik wanneer gemeentes die behoefte het aan brugbediening.

BYBELGENOOTSAP (A.9.2 bl 198 pt 3.9, Notule Dag 4 pt 5)

3.9.1 Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika spreek sy groot en opregte dank uit teenoor die leraars, gemeentes, lidmate en akademici van die NG Kerk vir hul besondere en volgehoue ondersteuning van die Bybelgenootskap in gebede, in bydraes, in Bybelvertaling, in die verspreiding van die Bybel, asook waar gedien word op die verskillende beheerliggame van die Bybelgenootskap.

3.9.2 Die Algemene Sinode versoek alle gemeentes en lidmate om deur volgehoue gebeds- en finansiële ondersteuning aktief by die verskillende programme van die Bybelgenootskap betrokke te wees. Elke R42 help die Bybelgenootskap om een Bybel bekostigbaar beskikbaar te stel en kan as doelwit per lidmaat per jaar gestel word. Gemeentes word steeds aangemoedig om tydens Pinkster en op Bybelsondag spesiale kollektes vir Bybelverspreiding op te neem.

3.9.3 Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om van die Bybelgebaseerde geletterdheidsmateriaal van die Bybelgenootskap gebruik te maak in geletterdheidsprojekte wat gemeentes plaaslik en elders aanbied.

BYBEL-MEDIA (A.9.1 bl 192 pt 8, Notule Dag 4 pt 4)

8.1 Die Algemene Sinode spreek sy waardering uit vir die inhoud van *Kerkbode* wat uitmuntend daarin slaag om die missionale werk van die kerk aan sy lidmate oor te dra.

8.2 Die Algemene Sinode neem kennis van die beperkte oplaag van *Kerkbode* en dra dit aan die ASM op om alle gemeentes ernstig te versoek om vir 'n beduidende aantal lidmate op die kerkkoerant in te teken en aldus die voortbestaan van die koerant te verseker, en om só ook by te dra tot beter interne kerklike kommunikasie.

8.3 Die Algemene Sinode ondersteun die rol van *LiG* en moedig alle gemeentes aan om dié Christelike gesinstydskrif in Afrikaans te ondersteun, te bemark en by wyse van grootskaalse intekening te help uitbou.

8.4 Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om in hulle keuse van literatuur vir gemeentelike gebruik (onder meer Bybelstudies en geloofsvorming) verkieslik voorkeur te gee aan produkte van die Algemene Sinode se eie uitgewer.

8.5 Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om in hulle uitreikaksies die NBI-kursus en Bybel-Media se materiaal vir gevangesenes en nie-lesers (GNM) te gebruik.

8.6 Die Algemene Sinode herbevestig vorige besluite dat gemeentes opgeroep word om jaarliks die bedieningswerk van Bybel-Media by wyse van 'n donasie of spesiale kollekte te ondersteun.

BYBELVERKLARING (A.9.2 bl.196 pt 2.4, Notule Dag 4 pt 5)

2.4.1 Insig in die Bybel-reeks

Dat die Algemene Sinode die ASBV versoek om in oorleg met Bybel-Media weer te besin oor die bemarking en voortsetting van die reeks in die lig van die verkope en die behoefte van lidmate. Dat die ASBV versoek word om te besin oor nuwe wyses waarop die lidmate by die lees en verstaan

van die Bybel betrokke gemaak kan word, en dat oorweeg word om Reglement 5 dienooreenkomstig te wysig.

2.4.2 Dank teenoor Bybelmedia (BM)

Dat die Algemene Sinode sy opregte dank betuig teenoor Bybel-Media (BM) vir die kreatiewe wyse waarop die voormalige SBG-reeks tans as die *Insig in die Bybel-reeks* bemark word, asook vir die moontlike voortsetting daarvan.

2.4.3 Samewerking met die VGKSA

Dat die Algemene Sinode die nouer samewerking met die VGKSA op die terrein van Bybelvertaling en -verklaring ondersteun.

BYBELVERTALING (A.9.2 bl 195 pt 1.4, Notule Dag 4 pt 5)

1.4.1 Vordering met die nuwe vertaalprojek (BDV)

Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die mate van vordering met die projek vir die brontekstgeïntereerde vertaling van die Bybel in Afrikaans.

1.4.2 Rol van NG Kerklidmate

Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die groot aantal lidmate wat as teoloë, brontaal- en doeltaalkenners as medewerkers betrokke is by die BDV.

1.4.3 Webblad www.bybeldirektevertaling.co.za en die *Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte vertaling*.

Die Algemene Sinode moedig leraars, lidmate en gemeentes aan om op die BSA se webblad kennis te neem van die projek en sy vordering, asook van die gepubliseerde *Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte vertaling*.

1.4.4 Hoofletters/kleinletters in Ou-Testamentiese Messiaanse profesieë

Die Algemene Sinode aanvaar die vertalers se vertaling van die Messiaanse tekste in hulle OT-verband en voor die hand liggende betekenis, en dat genoemde tekste met 'n voetnoot gemerk word as verwysend na Christus in die NT en dat in die NT weer na die OT verwys word. Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die wyse waarop die BSA besig is om op baie verantwoordelike wyse met al die kerke wat die Afrikaanse Bybel gebruik, hierdie saak te hanteer.

1.4.5 Pogings om die Bybelvertaling te diskrediteer

Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die wyse waarop die BSA so wyd moontlik die korrekte inligting in verband met die vertaalprojek aan alle kerke beskikbaar gestel het, en doen 'n beroep op lidmate om hulle nie aan onwaar bewerings oor die vertaalprojek te steur nie, maar om op die www.bybeldirektevertaling.co.za die korrekte inligting na te gaan. Die Algemene Sinode distansieer hom van die pogings om die BDV te diskrediteer.

1.4.6 Finansiële steun vir BDV

Die Algemene Sinode neem met dank daarvan kennis dat die BSA geen direkte bydrae vir die BDV van onderskeie kerke vra nie, maar moedig ons eie lidmate en gemeentes aan om die projek finansiële te ondersteun.

1.4.7 Opdrag

Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ASBV om steeds sy volle medewerking aan die BSA te verleen vir hierdie groot projek.

CHRISTELIKE LEKTUURFONDS (A.9.3 bl 202 pt 5, T.9.3.1 bl 1, Notule Dag 4 pt 4)

5.1 Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die werk wat deur CLF gedoen word en versoek hulle om daarmee voort te gaan.

5.2 Die Algemene Sinode versoek sinodes om gemeentes aan te moedig om van die produkreeks van CLF gebruik te maak.

5.3 Die konstitusie van CLF word soos volg gewysig ten opsigte van die konstituering van die ledevergadering: "Die ledevergadering van Christelike Lektuurfonds bestaan uit 9 lede, ses aangewys deur die Algemene Sinode in oorleg met die CLF, een aangewys deur die VGKSA, een aangewys deur die NGKA en een aangewys deur die RCA" (soos gewysig).

5.4 Die konstitusie van CLF word soos volg gewysig ten opsigte van die ontbinding van die van CLF: "CLF kan slegs ontbind nadat die Algemene Sinode van die NG Kerk of sy regsopvolger se instemming bekom is. Die restant van die vaste en roerende bates sal by ontbinding die Algemene Sinode van die NG Kerk of sy regsopvolger toeval, wat dit moet aanwend vir die doel waarvoor die bates geskep is, of vir 'n naastenby soortgelyke doel."

5.5 Die Algemene Sinode wys die volgende persone aan as stemgeregtigde afgevaardigdes op die ledevergadering van CLF: dr EC Orsmond, dr CHJ van Schalkwyk, ds WJ Botha, prof PGJ Meiring, ds FJ Cillié, dr RB van Aarde en ds WD Schoeman.

5.6 Die Algemene Sinode keur die gewysigde konstitusie van die CLF in sy geheel goed (soos gewysig).

CLF: GEWYSIGDE KONSTITUSIE VAN CHRISTELIKE LEKTUURFONDS (2015) (Notule Dag 4 pt 4)
Die Konstitusie van die CLF soos gewysig en goedgekeur word as bylae opgeneem in die Handeling van die Algemene Sinode.

DESMOND TUTU'S BIRTHDAY (Notule Dag 4 pt 9)

The sixteenth meeting of the General Synod of the Dutch Reformed Church wishes to congratulate Emeritus Archbishop Desmond Mpilo Tutu on the occasion of his birthday.

The General Synod has a deep and heartfelt appreciation for your life and work and especially the role you have played and is still playing in this country we all love.

The General Synod has tremendous appreciation for your wisdom and integrity so evident in your consistent prophetic voice, faithfully representing Christ's cause.

The General Synod wishes you well during this time, especially with regard to your health. May there be many more good and fruitful years, working and living together in our beautiful country we love so dearly.

DOOP EN DOOPVIERING (A.12 bl 251, pt 3.3.4, Notule Dag 6 pt 4)

Die Algemene Sinode neem kennis van die ontwikkelinge oor die doop soos hierbo uiteengesit en, in herbevestiging van sy besluite van 2013 oor die sakramente, versoek die Sinode gemeentes om hierdie gesprek te kontinueer, ook aan die hand van die twee genoemde dokumente in die Agenda van die Algemene Sinode van 2013 (bl 93–119) oor doopviering en die samehang van sakramente.

EIE AARD: KERK AS KERK NA EIE AARD (A.18 bl 414 pt 12.1, Notule Dag 5 pt 17)

Die Algemene Sinode gee opdrag dat 'n indringende studie gedoen word oor die definiëring van die NG Kerk as kerk na eie aard (*sui generis*).

EIENDOMME VAN SINODES, RINGE EN GEMEENTES IN DIE NG KERK (A.4 bl 43 pt 6.4.5; A.17.1 bl 381 pt 5.1, Notule Dag 2 pt 26)

6.4.5.1 Die Algemene Sinode versoek die kerkverband (sinodes, ringe en gemeentes) dringend om te help om die opname oor eiendomme af te handel.

6.4.5.2 Die Algemene Sinode verseker die kerkverband dat die Moderamen die inligting met die grootste omsigtigheid en met rapport aan die Algemene Sinode sal gebruik.

(Namibië is nie by bogenoemde besluit betrokke nie)

EKOLOGIE (A.17.2 bl 398 pt 4, Notule Dag 6 pt 14)

4.1 Die Algemene Sinode moedig lidmate, gemeentes, ringe en sinodes aan om in hul funksionering en bediening:

4.1.1 gebruik te maak van beskikbare en nuut-ontwikkelde materiaal om die saak van die ekologie in hul werksaamhede te bevorder;

4.1.2 'n profetiese stem te laat hoor waar die welwese van God se huishouding in gedrang kom; en

4.1.3 ekumenies in gesprek te tree met ander geloofsgroeperinge en nie-kerklike organisasies rakende die saak van die ekologie.

4.2 Die Algemene Sinode dra dit aan die Projekspan Ekologie op om:

4.2.1 beskikbare en nuut-ontwikkelde materiaal beskikbaar te stel ten einde gemeentes en lidmate te begelei om ekologies sensitief te leef; en

4.2.2 'n studiestuk op te stel oor (1) hidrobreking, (2) kernkrag en (3) hernubare energie vir voorlegging by die volgende sinodesitting wat die Sinode sal kan begelei om formeel oor hierdie sake standpunt in te neem.

4.3 Die Algemene Sinode versoek die Algemene Steunspan Fondse en Bates om die moontlikhede van disinvestering in enige ekologies-onvriendelike beleggings te ondersoek vir voorlegging by die volgende sinodesitting.

4.4 Die Algemene Sinode neem met dank en waardering kennis van Pous Franciskus se ensikliek, *Laudato Si'*, en skaar haar by die besorgdheid vir die florering van die aarde en alle lewende wesens wat daarin vervat is (<https://laudatosi.com/>).

4.5 Die Algemene Sinode besluit om voortaan, in sensitiwiteit met God se huishouding, met eenvoud en spaarsamigheid, vergaderings steeds effektief in te rig.

EKONOMIE (A.17.3 bl 405 pt 6, Notule Dag 6 pt 15)

6.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die prosesverslag tov die ekonomie.

6.2 Die Algemene Sinode dra dit aan 'n projekspan op om 'n standpuntinname oor die ekonomie te formuleer met betrekking tot die rol van die kerk in die hantering van armoede, ongelykheid en werkloosheid, deur gebruik te maak van kundige teoloë en ekonome.

EKUMENE: AFRIKA (A.5 bl 54 pt 3.3.6, Notule Dag 2 pt 29)

3.3.6.1 Die Algemene Sinode onderskryf die optrede vir die daarstel van 'n struktuur vir die Afrika-ekumene van die NG Kerkfamilie.

3.3.6.2 Die Algemene Sinode versoek die Moderamen om voldoende kapasiteit vir hierdie werk van die NG Kerkfamilie te voorsien.

EKUMENE: GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA (A.5 bl 58 pt 7.1, T. 18.1 bl 3 pt 5.3.1, Notule Dag 2 pt 29)

Die Algemene Sinode besluit dat die *Ooreenkoms met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika* vir kennisname aan die vergadering deurgegee word.

EKUMENE: LESOTHO EVANGELICAL CHURCH IN SOUTHERN AFRICA (A.5 bl 57 pt 6.1.4, Notule Dag 2 pt 29)

Die Algemene Sinode besluit om itv Art 70 en Reglement ondersoek te doen na moontlike ekumeniese bande met die LECSA.

EKUMENE: PILGRIMAGE OF JUSTICE AND PEACE (A.5 bl 52 pt 2.2.5, Notule Dag 2 pt 29)

Die Algemene Sinode onderskryf die oproep tot en deelname aan die *Pilgrimage of Justice and Peace* en versoek die kerkverband om in eie konteks daaraan gestalte te gee.

EMERITI (A.16.3 bylaag 1 bl 362 pt 3.2.4, Notule Dag 4 pt 10)

Die Algemene Sinode:

3.2.4.1 neem met dank kennis van die goeie werk wat deur emeriti gedoen is tydens hulle bediening en spreek waardering daarvoor uit;

3.2.4.2 sinodes en ringe word versoek om aandag te gee aan emeriti binne hulle grense en hulle ook uit te nooi na kerklike gebeure.

EREDIENS EN LITURGIE (A 7.1 bl 121 pt 5, T.7.5.1 bl 1 pt 1.2, Notule Dag 3 pt 9)

5.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die verslag en verwys dit na die Projekspan vir Missionale Transformasie vir verdere optrede.

5.2 Die Algemene Sinode besluit dat Erediens en Liturgie voortaan as 'n subspan van die Projekspan vir Missionale Transformasie funksioneer.

FINANSIËLE AANGELEENTHEDE (A.6.1 bl 75 pt 6.4.5, Notule Dag 3 pt 5)

Die Algemene Sinode neem kennis van die hantering van die finansiële aangeleentede deur die ASFB.

FINANSIËLE IMPLIKASIES: VOORSTELLE EN AANBEVELINGS (A.6.1 bl 74 pt 2.1, Notule Dag 3 pt 5)

Die Algemene Sinode besluit dat alle voorstelle wat 'n finansiële implikasie het eers na die Tydelike Algemene Steunspan Fondse en Bates verwys word.

FONDSE: BESKIKBAARHEID VAN (A.61 bl 75 pt 6.5.2, Notule Dag 3 pt 5)

6.5.2.1 Die Algemene Sinode neem kennis van BYLAAG 4.

6.5.2.2 Die Algemene Sinode besluit om te volstaan met die huidige 0,28% heffing vir elke Sinode en dat dit nie hoër aangepas moet word nie. Elke Sinode se bydrae tot die Algemene Sinode word beperk tot 0,28% van die vorige jaar se totale lopende inkomste van die gemeentes.

FONDS VIR KAPASITEIT EN PROJEKTE (A.16.1, T.16.1.1 bl 1 pt 3, Notule Dag 3 pt 16)

3.4 Die Algemene Sinode versoek die drie kuratoria om in samewerking met die Algemene Sinode finansiël by te dra tot 'n fonds waardeur kapasiteit ingekoop kan word asook projekte afgehandel kan word.

GEDRAGSKODE (A.16.3 bl 360 pt 5.3.2, A.16.3 (Aanvullende Agenda) bl 77 pt 5.3.2, T.16.3.1 bl 2 pt 2.1, Notule Dag 4 pt 10)

Die Algemene Sinode besluit:

1.1.1 om die laaste sin van die gedragskode *Die nie-nakoming van die gedragskode kan lei tot die opskorting/verlies van bevoegdheid*, te skrap.

GEDRAGSKODE (Notule Dag 4 pt 10)

Die Algemene Sinode besluit om 'n gedragskode vir predikante van die NG Kerk te aanvaar.

GEDRAGSKODE (Notule Dag pt 10)

Die Algemene Sinode besluit om die ASP opdrag te gee om die 10 samestellende sinodes te raadpleeg met betrekking tot die daarstelling van 'n gedragskode en verslag te doen aan die volgende Algemene Sinode.

GEDRAGSKODE (A.16.3 bl 360 pt 5.3, A.16.3 (Aanvullende Agenda) bl 77 pt 5.3, T.16.3.2 bl 1 pt 3.1, Notule Dag 6 pt 17)

Die Algemene Sinode

3.1.1 moedig kerkrade aan om die voorgestelde gedragskode waarvan die Sinode kennis geneem het, as werksdokument te gebruik in die hantering van die versorging en begeleiding van predikante;

3.1.2 versoek ringe om hiermee behulpsaam te wees; en

3.1.3 versoek kommentaar en terugvoering aan die ASP oor die inhoud en bruikbaarheid van die voorgestelde gedragskode.

GELOOF EN WETENSKAP

Kyk by Gereformeerde Hermeneutiek

GEMEENTEBEDIENING (A 7.2 bl 124 pt 3, T.7.5.1 bl 1 pt 1.3, Notule Dag 3 pt 9)

3.1 Die Algemene Sinode versoek die leierskap van die streeksinodes om deeglik kennis te neem van punte 2.1–2.7 (A.7.2 bl 124) en dit in hulle werkswyses te inkorporeer.

3.2 Die Algemene Sinode versoek die Algemene Kuratorium om toe te sien dat die opleiding van teologiese studente en die voortgesette opleiding van predikante voldoende aandag gee aan die ontwikkeling van leiers wat missionale transformasie kan lei.

3.3 Die Algemene Sinode besluit dat Gemeentebediening voortaan as deel van die Projekspan Missionale Transformasie funksioneer.

GENADEDOD (A.12 bl 251 pt 3.2.2, Notule Dag 6 pt 4)

Die Algemene Sinode spreek sy dank uit vir hierdie inisiatief en ondersteun die kontinuering van hierdie studie.

GEREFORMEERDE HERMENEUTIEK/BEDIENING VAN BEVRYDING/GELOOF EN WETENSKAP

(A.12 bl 253 pt 4.1.4, Notule Dag 6 pt 6)

4.1.4.1 Die Algemene Sinode neem die dokument (*Ons Christelike geloof en die wetenskap*) BYLAAG 3 ter tafel.

4.1.4.2 Die Algemene Sinode moedig sinodes, ringe en gemeentes aan om hierdie dokument prakties aan te wend in gesprek met lidmate.

4.1.4.3 Die Algemene Sinode ondersteun die inisiatief van ALTAS in die volgende jare om in samewerking met die onderskeie sinodes, geleenthede met predikante van daardie sinodes te skep, om na aanleiding van hierdie hermeneutiese benadering onderskeidende tekste te lees.

4.1.4.4 Die Algemene Sinode aanvaar dat daar diene is wat nie saamstem met hierdie hermeneutiese benadering nie en nooi juis daarom almal, van watter oortuiging ook, om hierdie inisiatief te ondersteun en hulle benaderings met mekaar te toets.

4.1.4.5 Die Algemene Sinode versoek sinodes om hierdie inisiatief prakties te ondersteun met die nodige finansiële en logistieke hulp.

GRONDHERVORMING, LANDELIKE ONTWIKKELING EN LANDBOU (A.17.1 bl 382 pt 5.4, Notule Dag 6 pt 9)

5.4.1 Die Algemene Sinode wys weer 'n projekspan aan om leiding te gee tov hierdie belangrike en sensitiewe saak.

5.4.2 Die Algemene Sinode aanvaar die besluite van 2011 en 2013 as riglyne vir die werk van die Projekspan.

HUGENOTE KOLLEGE (A.16.2 bl 352 pt 9, Notule Dag 3 pt 17)

Die Algemene Sinode besluit om die waarnemerstatus van Hugenote Kollege by die Algemene Kuratorium tot die volgende sitting van die Algemene Sinode te verleng.

HUWELIKSBEVESTIGING: KERKLIKE (A.18 bl 412 pt 10.2, Notule Dag 5 pt 17)

10.2.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die besluite van die ASR.

10.2.2 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Moderamen om toe te sien dat vorige besluite rakende kerklike huweliksbevestiging en sake wat daarmee verband hou, uitgevoer word.

JEUGBEDIENING (T.8.3.1 bl 1 pt 1, Notule Dag 3 pt 13)

1.1 Die Algemene Sinode vestig 'n Projekspan vir Jeugbediening om in ooreenstemming met die goedgekeurde Missionale transformasie alle bestaande en moontlike nuwe jeug-subspanne en inisiatiewe te koördineer met die oog op beleidsbepaling en 'n holistiese, inklusiewe ontwikkeling van jeugbediening.

1.2 Die Algemene sinode versoek die Algemene Steunspan Fondse en Bates om te begroot vir die werksaamhede van die Projekspan vir Jeugbediening sowel as die subspanne vir Kategese, Jeugnetwerke (#imagine), Jeugnavorsing en Belydenisaflegging.

JEUGBEDIENING: DANKBETUIGING (T.8.3.1 bl 1 pt 2, Notule Dag 3 pt 13)

2.1 Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die werksaamhede van die 5 projekspanne van die Algemene Sinode vir die tydperk 2013–2015, naamlik Belydenis van Geloof (BVG), Jeugnavorsing, Jeugnetwerke, Kategese en Onderwys.

2.2 Die Algemene Sinode spreek sy dank uit teenoor alle betrokkenes by hierdie projekte. Die Sinode spreek in die besonder sy waardering uit teenoor al die ander deelnemende kerke en instansies soos Bybel-Media wat saam met die NG Kerk aan betrokke projekte soos oa die jeugnavorsing en kategese gewerk het.

2.3 Die Algemene Sinode bedank by name prof Chris Smit en dr Mike van der Linde vir hulle buitengewone harde werk aan die jeugnavorsing. Daarmee saam bedank die Sinode *Business Enterprises @ University of Pretoria* vir hulle dienste. Ons bedank ook die ondersteuning van die Departement Praktiese Teologie van die Universiteit van Pretoria wat die projek akademies huisves sowel as finansiële ondersteun het.

JEUGINISIATIEWE (T.8.3.1 bl 2 pt 7, Notule Dag 3 pt 13)

Die Algemene Sinode besluit om in die plek van die bestaande “Jeugnetwerk” 'n nuwe Subspan vir Jeuginisiatiewe te vestig wat as deel van bg Projekspan ook vennote in jeugbedienings in ekumeniese verband in 'n netwerk inbind – byvoorbeeld #imagine.

JEUGNAVORSING (T.8.3.1 bl 1 pt 4, Notule Dag 3 pt 13)

4.1 Die Algemene Sinode gee opdrag aan alle betrokke subspanne om kennis te neem van die bevindinge van die studie en hul bediening aan die jeug dienooreenkomstig aan te pas.

4.2 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Projekspan vir Leerstellige en Aktuele Sake om die kerk met 'n deurdagte studiestuk te dien en aanbevelings oor die etiese en normatiewe uitdagings aangaande die seksuele wat die verslag op die tafel plaas, te maak.

4.3 Die Algemene Sinode versoek sinodes en gemeentes om ernstig kennis te neem van die verslag en indringend oor die implikasies vir jeugbediening en veral kategese te besin.

4.4 Die Algemene Sinode besluit dat Jeugnavorsing voortaan as subspan van die Projekspan vir Jeugbediening funksioneer.

KATEGESE (T.8.3.1 bl 1 pt 5, Notule Dag 3 pt 13)

5.1 Die Algemene Sinode ontstaan met die samestelling van die huidige subspan en herbevestig hulle opdrag: om navorsing te doen, voorligting te gee en eietydse, relevante materiaal en ander hulpmiddels binne die raam van die gereformeerde teologie en belydenisskrifte van die NG Kerk te ontwikkel.

5.2 Die Algemene Sinode dra dit aan die subspan op om na te dink oor nuwe vorme van publikasies in ons digitale era.

5.3 Die Algemene Sinode besluit dat Kategese voortaan as subspan van die Projekspan vir Jeugbediening funksioneer.

KERKBODE/WOORDFEES. (A.15 bl 316 pt 2.9.1.13, Notule Dag 4 pt 4)

***1 Die Algemene Sinode besluit dat die Moderamen gedoen het wat moontlik was om die saak wat na hom verwys is, te hanteer en in die reine te bring.**

***2 Die Algemene Sinode versoek die Moderamen om voort te gaan met sy pastorale helende gesprek met mnr Jean Oosthuizen.**

KERKHERENIGING: ASSOSIASIE/AFFILIASIE MET DIE KERKVERBAND: ALTERNATIEWE VORME (B.3 bl 431, T.18.3 bl 2 pt 3.2, Notule Dag 5 pt 19)

Die Algemene Sinode erken die behoeftes soos uitgespreek in die Beskrywingspunt B.3 en bevestig dat dit hanteer word in die voorgestelde bemagtigingsartikel Artikel 71 (vergelyk hierbo).

KERKHERENIGING: LOODSKOMITEE (A.10 bl 207 pt 4.4.8, Notule Dag 5 pt 19)

4.4.8.1 Die Algemene Sinode bevestig die bestaan en rol van die Loodskomitee in die proses van kerkhereniging tussen die VGKSA en die NG Kerk.

4.4.8.2 Die Algemene Sinode tref pro-aktief reëlings om dieselfde struktuur mbt die onderhandelinge tussen die vier kerke van die NG Kerkfamilie daar te stel.

KERKHERENIGING: NG KERK, VGKSA, NGKA EN RCA/TUSSEN-ORDE (A.10 bl 208 pt 5.5, Notule Dag 5 pt 19)

5.5.1 Die Algemene Sinode spreek haar dank teenoor die ander drie kerke van die NG Kerkfamilie uit oor hulle bereidwilligheid en verbintenis dat die vier kerke saam die pad na hereniging loop.

5.5.2 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om toe te sien dat daar kapasiteit is sodat die onderhandelingspad van die vier kerke volhoubaar is.

5.5.3 Die Algemene Sinode is dankbaar vir die uitkoms van die Volmoedkonsultasie, en spreek sy dank teenoor die kerke van die NG Kerkfamilie, Wes- en Suid-Kaapland asook prof Leo Koffeman en ds Evert Overeem uit vir harde en postiewe werk.

5.5.4 Die Algemene Sinode ontvang die werk van die Zikomowerkwinkel en die voorgestelde Tussen-orde met dank.

5.5.5 Die Algemene Sinode keur die Tussen-orde goed mdo op die kerkherenigingsreis van die kerke van die NG Kerkfamilie.

KERKHERENIGING: TUSSEN-ORDE (A.10 bl 208 pt 5.5, bl 240, T.18.3 bl 1 pt 1.2, Notule Dag 5 pt 19)

1.2.1 Die Algemene Sinode keur dit goed dat na pt 5.5.5 op bl 208 'n nuwe 5.5.6 ingevoeg word:

5.5.6 Die Algemene Sinode keur 'n nuwe pt 6.5 met opskrif *Tussen-orde* in Hoofstuk 6 van die Kerkorde met 'n gepaardgaande nuwe Artikel 71 goed:

6.5 Tussen-orde

Artikel 71

71.1 Met die oog op enige proses van kerkhereniging van die Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie onderling, of kerkvereniging met ander gereformeerde kerke, stel die Algemene Sinode vir sodanige samewerking en/of samevoeging van werksaamhede reëlings vas.

71.2 Sodanige reëlings word in 'n Tussen-orde omskryf, wat na die goedkeuring van die Algemene Sinode in die Kerkordeboek opgeneem word.

71.3 Waar 'n Tussen-orde in stryd is met die Kerkorde of waar 'n Tussen-orde nie vir 'n bepaalde saak voorsiening maak nie, geld die Kerkorde.

71.4 Waar 'n Tussen-orde in stryd is met die bepalinge en reglemente van die samestellende sinodes of waar 'n Tussen-orde nie vir 'n bepaalde saak voorsiening maak nie, kan 'n Tussen-orde eers in 'n sinode gebruik word nadat die goedkeuring van die betrokke sinode verkry is.

71.5 'n Tussen-orde is nie bepalend of bindend vir die vorm en inhoud van 'n nuwe Kerkorde wat later in 'n verenigde kerk saamgestel mag word nie.

71.6 'n Tussen-orde word gesamentlik opgestel en moet die goedkeuring dra van die gevolmagtigde verteenwoordigers van al die betrokke kerke wat in die proses van vereniging of hereniging met die Nederduitse Gereformeerde Kerk is.

71.7 'n Tussen-orde sal alleen van toepassing wees waar twee of meer regs persone van verskillende kerkverbande daartoe ooreenkom.

KERKLIKE MAATSKAPLIKE DIENSLEWERING (A.14.2 bl 311 pt 6.8, Notule Dag 5 pt 21)

Die Algemene Sinode versoek sinodes en ander kerklike strukture om die kerklike maatskaplike dienslewering as deel van die kerk se diakonale bediening te integreer.

KERKLIKE MAATSKAPPYE: OORSIGFUNKSIE EN WAARDESTELSELS (A.4 bl 40 pt 3.1, bl 46 pt 4.2, Notule Dag 2 pt 26)

4.2.1 Die Sinode besluit dat elkeen van die maatskappy/ondernemings 'n ouditkomitee sal hê wat só saamgestel is dat die komitee met wesentlike onafhanklikheid van die betrokke direksie/beheerraad 'n oorsigfunksie kan verrig. Elke maatskappy/onderneming bepaal self die mandaat van sy ouditkomitee, maar dit moet ten minste insluit dat die ouditkomitee volle toegang moet hê tot die nodige inligting om 'n onafhanklike mening te vorm oor die volgende waardes:

4.2.1.1 Die integriteit van die rekeningkundige stelsel en die inligtingstelsel volgens algemene aanvaarde standaarde en praktyke, soos gesertifiseer deur die eksterne ouditeur.

4.2.1.2 Die interne en eksterne deursigtigheid en openbaarmaking van die maatskappy/onderneming se sake.

4.2.1.3 Die verantwoordbaarheid van die direksie/beheerraad en senior personeel in terme van hulle kundigheid, vermoë en prestasie.

4.2.1.4 Die onafhanklikheid van die maatskappy/onderneming met betrekking tot sy besigheidsaktiwiteite, beheer en bestuur.

4.2.1.5 Die billikheid van direkteursvergoeding, personeelvergoeding en vergoeding vir reis- en verblyf koste, binne die konteks van die nie-winsnemende en kerklike aard van die maatskappy/ondernemings.

4.2.1.6 Die uitvoering van direksiebesluite en die eksterne ouditeur se bestuursverslag deur bestuur.

4.2.1.7 Die kwaliteit en integriteit van die eksterne audit.

4.2.1.8 Die toepaslikheid van die beleggingsportefeulje in terme van die nie-winsnemende aard van die maatskappy/onderneming.

4.2.1.9 Die mate waartoe die direksie/beheerraad monetêre en nie-monetêre risiko's identifiseer en bestuur.

4.2.1.10 Die handhawing van 'n funksionele onderskeid tussen beheer- en bestuursaktiwiteite.

4.2.2 Die Sinode besluit dat elke maatskappy/onderneming na goedgevoel ook 'n vergoedingskomitee kan hê wat 'n oorsigfunksie verrig ten opsigte van vergoedingsverwante aspekte.

4.2.3 Die Sinode besluit dat die auditkomitees/vergoedingskomitees op gereelde grondslag aan die betrokke direksie/beheerraad verslag sal doen en ook jaarliks 'n kort oorsigverslag ten opsigte van bogenoemde sal dien by die "Steunspan Kerklike Maatskappye" en/of 'n ander oorsigmeganisme wat deur die Algemene Sinode daar gestel mag word.

KERKLIKE MAATSKAPPYE: STEUNSPAN (A.15 bl 315 pt 2.8.1, A.9.3 bl 202 pt 4, A.4 bl 40 pt 3.1, bl 45 pt 3.3, Notule Dag 2 pt 26)

3.3.1 Die Algemene Sinode besluit dat 'n houermaatskappy of dergelike oorhoofse regs persoon, vanweë die diverse onstaansgeskiedenis, ondernemingsvorme, strategiese doelwitte, strukturering en funksionering van Bybel-Media, die Christelike Lektuurfonds en die Hugenote Kollege, nie wenslik of haalbaar is nie.

3.3.2 Die Algemene Sinode neem met groot dankbaarheid kennis van die drie entiteite se begerigheid en gewilligheid om in 'n gees van samewerking, deursigtigheid, welwillendheid, sinergie en wedersydse ondersteuning saam te werk om hulpbronne te koördineer en om binne die raamwerk van hulle eie doelwitte en kapasiteit ook mee te help om die strategiese doelwitte van die Algemene Sinode te verwesenlik.

3.3.3 Die Algemene Sinode keur die totstandkoming van 'n "Steunspan Kerklike Maatskappye" goed, wat bestaan uit twee afgevaardigdes van elk van die Algemene Sinode, Bybel-Media, die Christelike Lektuurfonds en Hugenote Kollege en wat ten minste een keer per jaar sal vergader.

3.3.4 Die Sinode besluit dat die Steunspan nie uitvoerende bevoegdheid het nie, maar wel die volgende funksies:

3.3.4.1 oorsig oor die korporatiewe beheer van die maatskappye;

3.3.4.2 koördinerende en belyning van die werksaamhede van die maatskappye/ondernemings onderling en met die strategiese doelwitte van die Algemene Sinode;

3.3.4.3 dien as primêre kommunikasiepunt tussen die maatskappye/ondernemings onderling en die Algemene Sinode ten opsigte van prioriteite en strategiese doelwitte.

3.3.5 Die Algemene Sinode besluit dat alle interaksie tussen die AS, BM, CLF en HK moet voldoen aan gemeenregtelike administratiewe geregtigheid en prosedurele billikheid.

3.3.6 Die Algemene Sinode besluit dat elke entiteit wat op die steunspan verteenwoordig word vir sy eie afvaardiging se reis- en verblyf koste verantwoordelik is.

KERKORDE: HERSIENING VAN DIE (A.18 bl 414 pt 13.2, Notule Dag 5 pt 17)

13.2.1 Die Algemene Sinode keur die reëling van die ASR goed dat persone wat wysiginge aan die Kerkorde wil bespreek, die Tydelike Taakspan Regte voor die behandeling van die ASR-verslag ontmoet.

KERKVERBAND (A.11 bl 249, A.11 (Laatstukke) bl 7, T.18.2 bl 1 pt 1.1, Notule Dag 5 pt 8)

1.1.1 Die Algemene Sinode besluit dat Laatstuk A.11 ontvanklik is.

1.1.2 Die Algemene Sinode verwys Laatstuk A.11 na die Tydelike Taakspan Kerkverband om die Algemene Sinode te adviseer oor die verdere hantering tydens en na afloop van die vergadering.

KERKVERBAND (A.11 bl 249, A.11 (Laatstukke) bl 7, T.18.2 bl 1 pt 1.1, T.11.1 bl 1 pt 1, Notule Dag 5 pt 8)

1.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die verslag A.11 en alle voorstelle/amendamente in die verband.

1.2 Die Algemene Sinode verwys al die stukke in 1.1 na die 10 samestellende sinodes vir bespreking en kommentaar aan die ASM met die oog op 'n finale verslag aan die volgende Algemene Sinode in sitting.

1.3 Die huidige frekwensie van vergadering (tweejaarliks) en die huidige samestelling van die Algemene Sinode (200) word intussen gehandhaaf.

1.4 Die ASM word vir die reses bedryf as uitgebreide Moderamen (vier afgevaardigdes uit elk van die 10 saamstellende sinodes) met die oog op beter kommunikasie en groter kapasiteit.

1.5 Die Algemene Sinode versoek die TTR om die nodige reglementswysiginge aan te bring en tydens hierdie Sinode aan die Sinode voor te lê vir goedkeuring.

KMDR EN MISSIONALE DIAKONAAAT (A.14.2 bl 308 pt 3.1, T.18.4 bl 1 pt 1.2, Notule Dag 5 pt 21, Notule Dag 6 pt 17)

1.2.1 Die Algemene Sinode keur dit goed dat Aanbeveling 3.1 soos volg gewysig word:

Die Algemene Sinode wys 'n Steunspan vir Missionale Diakonaat aan om:

3.1.1 met die navorsing en toerusting oor missionale diakonaat voort te gaan;

3.1.2 die bedieningsadministrasie van UKUBA-beweging voort te sit; en

3.1.3 die integrasie van missionale diakonaat binne die kerk te koördineer.

LANDBOUSEISOEN (Notule Dag 6 pt 9)

Die Algemene Sinode besluit om jaarliks die eerste Sondag in Oktober die landbouseisoen aan die Here op te dra en sy seën daarop te pleit. Vir 2015 kan dit op Sondag 11 Oktober 2015 gedoen word.

LANDSWETTE VAN TOEPASSING OP GEMEENTES/DIE KERKVERBAND (A.18 bl 408 pt 5.3.3, Notule Dag 5 pt 17)

5.3.3.1 Die Algemene Sinode keur die optrede van die ASR goed.

5.3.3.2 Die Algemene Sinode besluit dat die volgende as Funkionele Besluit in die kerkordeboek bygevoeg word: Die Algemene Sinode bring van die belangrikste wetgewing wat direkte toepassing het op die Kerk onder die aandag van kerkvergaderings:

- **GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, 1996**
- **WET OP ARBEIDSVARHOUDINGE, 66 van 1995**
- **WET OP BASIESE DIENSVOORWAARDES, 75 van 1997 (met spesifieke verwysing na die uitbetaling van verlof)**
- **WET OP GELYKE INDIENSNEMING, 55 van 1998**
- **WET OP WERKLOOSHEIDSVARSEKERING, 30 van 1966**
- **WET OP VERGOEDING VIR BEROEPSBESERINGS- EN SIEKTES, 130 van 1993**
- **WET OP BEROEPSGESONDHEID EN -VEILIGHEID, 85 van 1993**
- **WET OP DIE ONTWIKKELING VAN VAARDIGHEDE, 97 van 1998**
- **WET OP DIE BEVORDERING VAN ADMINISTRATIEWE GERECHTIGHEID, 3 van 2000**
- **REGULASIES VIR DIE ONDERSOEK VAN BEWEERDE WANGEDRAG EN DIE HOU VAN ONDERSOEKE, R 978, 19 Julie 2002**
- **REGULATIONS RELATING TO THE CONDUCT OF INQUIRIES INTO ALLEGED UNPROFESSIONAL CONDUCT UNDER THE HEALTH PROFESSION ACT, 56 of 1974**
- **DIE KINDERWET, 38 van 2005**
- **PROTECTION OF PERSONAL INFORMATION ACT, 4 of 2013 (POPI)**
- **WET OP DIE BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2 van 2000**
- **BELASTINGWETGEWING**
- **THE SOUTH AFRICAN NATIONAL STANDARD: HEALTH AND SAFETY AT EVENTS – REQUIREMENTS 2012**

Kerkvergaderings word daarop gewys om met die Aktuaris te skakel indien daar enige onsekerheid/navrae is.

LIDMAATBEMAGTIGING (A 7.3 bl 127 pt 5, T.7.5.1 bl 1 pt 1.4, Notule Dag 3 pt 9)

5.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die verslag en verwys dit na die Projekspan vir Missionale Transformasie vir verdere optrede.

5.2 Die Algemene Sinode besluit dat Lidmaatbemagtiging voortaan as 'n subspan van die Projekspan vir Missionale Transformasie funksioneer.

MEERDERE VERGADERINGS – STEMMING DEUR AFGEVAARDIGDES (A.18 bl 4.1.2 pt 8.2, Notule Dag 5 pt 17)

Die Algemene Sinode:

8.2.1 onderskryf die advies van die ASR rakende die stemming deur afgevaardigdes; en
8.2.2 keur dit goed dat die beginsel vervat in die advies, opgeneem word in die nuwe Kerkordeboek.

MENSWAARDIGHEID: SEISOEN VAN (A.13 bl 295 pt 11, Notule Dag 3 pt 15)

11.1 Die Algemene Sinode versoek die onderskeie samestellende sinodes om:

11.1.1 elk 'n Sinodale Taakspan vir die Seisoen van Menswaardigheid aan te wys met die oog op die bevordering van die Seisoen se oogmerke in die sinodale gebied;

11.1.2 samewerking waar en soos moontlik met die ander familiekerke te bevorder en 'n gesamentlike taakspan tot stand te bring;

11.1.3 'n begroting te verskaf aan die Sinodale Taakspan vir Menswaardigheid met die oog op die finansiering van die aktiwiteite van die Taakspan;

11.1.4 tydens sinodale vergaderings die produkte van die Seisoen van Menswaardigheid te benut en te bevorder met die oog op groter deelname aan die Seisoen.

11.2 Die Algemene Sinode besluit om tydens die Sinode die plakkate van die Seisoen as bron van bespreking en onderskeiding te benut.

MISSIONALE EKKLESIOLOGIE (A 7.4 bl 132 pt 8, T.7.5.1 bl 1 pt 1.5, Notule Dag 3 pt 9)

8.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die verslag en verwys dit na die Projekspan vir Missionale Transformasie vir verdere optrede.

8.2 Die Algemene Sinode besluit dat Missionale Ekklesiologie voortaan as 'n subspan van die Projekspan vir Missionale Transformasie funksioneer.

MISSIONALE KERKWEES (A.16.1, T.16.1.1 bl 1 pt 3, Notule Dag 3 pt 16)

3.7 Die Algemene Sinode versoek die Algemene Kuratorium om aandag te gee aan die aspek van missionale kerkwees waar oa kerkplanting die nodige aandag kry.

MISSIONALE TRANSFORMASIE (A 7.5 bl 138 pt 5, T.7.5.1 bl 1 pt 1.1, Notule Dag 3 pt 9)

5.1 Die Algemene Sinode vestig 'n Projekspan vir Missionale Transformasie ten einde die "Gestuurde Manifes" (soos uiteengesit in die boekie "Gestuur" en gebaseer op die Raamwerkdokument – kyk pt 1 van hierdie verslag) strategies verder te ontwikkel.

5.2 Die Algemene Sinode versoek die Projekspan Missionale Transformasie om die opdragte aan die subspanne vir Lidmaatbemaatting, Missionale Ekklesiologie, Erediens en Liturgie, Gemeentebediening en Algemene Kuratorium (soos vervat in die verslae) uit te pak, te prioritiseer en te koördineer ten einde dieselfde strategiese doelwit na te streef.

5.3 Die Algemene Sinode versoek die Algemene Taakspan Fondse en Bates om te begroot vir die werksaamhede van die Projekspan Missionale Transformasie sowel as subspanne vir Lidmaatbemaatting, Missionale Ekklesiologie, Gemeentebediening en Erediens en Liturgie.

MODERATUUR: VERKIESING VAN (Notule Dag 6 pt 18)

3.2.1 Die Algemene Sinode keur dit goed dat die voorstel nie aanvaar word nie aangesien so 'n reëling diskriminerend van aard kan wees.

NAVORSING (A.7.6 bl 146 pt 7, Notule Dag 3 pt 8)

7.1 Die Algemene Sinode bevestig dat navorsing 'n kontinue werksaamheid van die Algemene Sinode is.

7.2 Die Algemene Sinode versoek die huidige Taakspan: Navorsing om die opdragte aan Taakspanne wat navorsing behels, te belyn en te koördineer sodat integrering kan plaasvind.

7.3 Die Algemene Sinode bevestig die belang van die opnames vir die Kerk en versoek gemeentes en sinodes om dit te ondersteun.

7.4 Die Algemene Sinode keur die Kerkspieëlopmatting van 2017/2018 goed.

7.5 Die Algemene Sinode versoek die ASFB om in die begroting voorsiening te maak vir die funksionering van die Taakspan in die uitvoering van hulle opdrag.

7.6 Die Algemene Sinode versoek die ASFB om jaarliks voorsiening te maak vir navorsingsprojekte wat deur die Sinode goedgekeur is.

NOODLENIGING (A.14.2 bl 311 pt 7.1, Notule Dag 5 pt 21)

Die Algemene Sinode versoek die KMDR om die moontlikheid van vinnige noodleniging ten tyde van rampe en ander krisisgebeure te ondersoek.

NOTULE ALGEMENE SINODE 2013 EN BESKRYWINGSPUNT B.1 (A.15 bl 320 pt 6.2.2.3, B.1 bl 428, Notule Dag 6 pt 7)

Die Algemene Sinode bekragtig die bevinding en handeling van die Moderamen en hanteer die onafgehandelde dele van die beskrywingspunt B.1 2013 as deel van die beskrywingspunte by hierdie vergadering.

ONDERSTEUNENDE BETAALSTELSEL (A.6.1 bl 74 pt 6.1.2, Notule Dag 3 pt 5)

Die Algemene Sinode neem kennis dat die saak aandag geniet het en dat die verslag vanaf die ASP oor hierdie sake by die Oktober 2015 vergadering van die ASFB sal dien.

ONDERWYS (T.8.3.1 bl 2 pt 6, Notule Dag 3 pt 13)

6.1 Die Algemene Sinode ondersteun Fedzas in die saak teen Ogod.

6.2 Die Algemene Sinode moedig sinodes en gemeentes aan om betrokke te raak by die UKUBA-beweging vir Vroeë Kindontwikkeling.

6.3 Die Algemene Sinode moedig sinodes, ringe en gemeentes aan om die alle moontlike pogings aan te wend om die onderwys te ondersteun.

6.4 Die Algemene Sinode besluit dat Onderwys voortaan as subspan van die Projekspan vir Jeugbediening funksioneer

OPDRAGTE VAN ALGEMENE SINODE (A.4 bl 40 pt 2.6, Notule Dag 2 pt 26)

Die Algemene Sinode besluit:

1. dat opdragte duidelik moet uitspel wie dit moet doen en afhandel;

2. dat opdragte nie sonder baie goeie motivering aan meer as een instansie gegee word nie en wegbeweeg word van die verwarrende “in oorleg met” of “na oorleg met”; en

3. dat steunspanne/taakspanne wat opdragte van die Algemene Sinode ontvang aan die Algemene Sinode verslag doen tensy dit om baie goeie redes noodsaaklik is om tussentyds aan 'n ander instansie (soos bv die Moderamen of Bedryfspan) verslag te doen.

OUDITKOMITEE (A.6.2 bl 1 pt 5, Notule Dag 3 pt 6)

Die Algemene Sinode besluit om die:

5.1 handeling van die Moderamen tov die Ouditkomitee te bekragtig;

5.2 beleid vir die Ouditkomitee goed te keur;

5.3 beleid vir die aanstelling van lede van die Ouditkomitee goed te keur;

5.4 geouditeerde finansiële state vir die jaar geëindig Februarie 2015 goed te keur.

POPI (A.2 bl 27 pt 6.3, Notule Dag 2 pt 14)

6.3.1 Die Algemene Sinode versoek alle kerklike media en sinodes (met uitsondering van Namibië) [hulle gemeentes, ringe, kerklike instansies, kerkkantore] om noukeurig te let op die vereistes van die PROTECTION OF PERSONAL INFORMATION ACT (POPI), 4 OF 2013.

6.3.2 Die Algemene Sinode versoek die ASR om 'n toepaslike handleiding saam te stel vir die kerklike argiewe, sinodes (met uitsondering van Namibië), hulle gemeentes, ringe, kerklike instansies en kerkkantore asook vir alle kerklike media tov die vereistes van die PROTECTION OF PERSONAL INFORMATION ACT (POPI), 4 OF 2013.

PREDIKANTEBEGELEIDING (A.16.3 bl 356 pt 4.1.4.2, Notule Dag 4 pt 10)

Die Algemene Sinode:

4.1.4.2.1 neem met dank kennis van die riglyne oor predikantebegeleiding (Predikantesake Bylaag 1).

4.1.4.2.2 neem met dank kennis van die groot werk wat die verskillende predikantebegeleiers in die onderskeie sinodale gebiede reeds gedoen het en steeds mee besig is.

4.1.4.2.3 versoek sinodes om hierdie riglyne te gebruik met die oog op predikantebegeleiding sodat leraars gehelp en ondersteun kan word ten opsigte van bedieningsvernuwing en -vreugde.

4.1.4.2.4 neem punt 3 van Bylaag 1, wat handel oor brugbediening en versorging van emeriti, in behandeling en neem die nodige besluite.

PROFIEL VAN AFGESTUDEERDE STUDENT (A.16.1 bl 345 pt 7.1.1.3, Notule Dag 3 pt 16)

Die NG Kerk herbesoek die goedgekeurde profiel van die afgestudeerde student en formuleer duidelike uitkomst/bevoegdhede vir die opleiding van leraars (eerste- en tweedeloopbaan-studente) en kerklike dienswerkers.

PROPORSIONELE KOMPONENT VAN SINODES SE AFVAARDIGING: BEREKENING VAN DIE (A.1 bl 25, T.18.1 bl 2 pt 2.5.2, Notule Dag 2 pt 3)

2.5.2.1 Die Algemene Sinode neem kennis daarvan dat daar nie 'n gelyke aantal leraars en ouderlinge/diakens afgevaardig is nie vanweë omstandighede (vgl Artikel 38.1).

2.5.2.2 Die Algemene Sinode neem verder kennis daarvan dat daar geen benadeling vir enige party is nie (die voorsitter toets die vergadering daaroor).

2.5.2.3 In die lig hiervan aanvaar die vergadering die nie-nakoming van Artikel 38.1 en sit die vergadering voort asof aan die Artikel voldoen is.

2.5.2.4 Die Algemene Sinode versoek die Moderamen om met die volgende sinode toe te sien dat aan die vereistes van die Artikel voldoen word.

PROSES TER VERGADERING (A.1 bl 13 pt 12.1.10, T.18.1 bl 1 pt 2.2.2, Notule Dag 2 pt 3)

Die Algemene Sinode neem kennis van die bewoording van *die Kerkorde 2013, Reglement van Orde*, pt 1.4.2.

RCA (A.10 bl 204 pt 2.5, Notule Dag 5 pt 19)

2.5.1 Die Algemene Sinode is dankbaar vir die goeie verhoudinge met die RCA.

2.5.2 Die Algemene Sinode versoek sinodes waar daar gemeentes van die RCA is, om aandag te gee aan die ondersteuning van hierdie klein en wydverspreide kerk van die NG Kerkfamilie.

REËLINGS SINODE 2015 (A.1 bl 16 pt 17, Notule Dag 2 pt 3)

Die Algemene Sinode keur die reëlings van die **Agendaprojekspan/Ontwerpspan** goed.

REËLINGS SINODE 2015 (A.1 (Aanvullende Agenda) bl 3 pt 3, Notule Dag 2 pt 3)

Die Algemene Sinode keur die aanvullende reëlings van die **Agendaprojekspan/Ontwerpspan** goed.

REFORMASIE 500 (A.5 (Laatstukke) bl 6 pt 3, T.18.1 pt 5.1.1, Notule Dag 2 pt 29)

Die Algemene Sinode keur die “Padkaart vir die viering van Reformasie 500” soos voorgelê goed, gee aan die aangewese Projekspan die mandaat om daarmee voort te gaan en besluit om geld daarvoor te bewillig.

REGLEMENT ASA (A.2 bl 26 pt 2.5, Notule Dag 2 pt 14)

2.5.1 Die Algemene Sinode besluit om die Reglement van die ASA uit te brei dat die “Inligtingsbeampte van die NG Kerk” vir die doeleindes van Wet 2 van 2000, ’n *ex officio*-lid met stemreg van die ASA moet wees.

2.5.2 Die Algemene Sinode keur die ASA se gewysigde Reglement (**ARGIEF BYLAAG 1**) in sy geheel goed.

REGLEMENT ASFB (A.6.1 bl 74 pt 3.1, T.6.1.1 bl 1 pt 3.1, Notule Dag 3 pt 5)

Die Algemene Sinode besluit om die Reglement vir die ASFB soos volg te wysig:

3.1.1 Vervang §2.1 §2.2 met ’n nuwe §2.1 en hernommer met die volgende:

2.1 Die ASFB word deur die Algemene Sinode of die ASM saamgestel uit een lid per sinode met sekondus deur die sinode of sy gevolmagtigde.

3.1.2 Skrap §3.5 en vervang met nuwe §3.5:

3.5 kontroleer en bespreek die jaarlikse geouditeerde finansiële state en bestuursbrief van die Algemene Sinode en lê dit aan die Ouditkomitee voor wat dit dan aanbeveel na die Algemene Sinode/Moderamen vir goedkeuring;

3.1.3 Voeg in nuwe §5:

5. DAGBESTUUR

5.1 Die ASFB kan ’n Dagbestuur aanwys.

REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE STEUNSPAN PREDIKANTESAKE (A.18 bl 4.1 pt 13.2.6, Notule Dag 5 pt 17)

2.1 Die Steunspan word deur die Algemene Sinode of die Moderamen aangewys en bestaan uit tien permanente lede (vergelyk 2.3.1 tot 2.3.5 hieronder) wat gesamentlik oor kundigheid en ervaring beskik op die terreine van begeleiding en versorging van bedienaars van die Woord, voortgesette bedieningsontwikkeling van bedienaars van die Woord, bestuur van diensverhoudinge, kerkreg en statutêre reg.

REGLEMENT VIR APPÈL EN BESWAAR: HERSIENING VAN DIE (A.18 bl 409 pt 5.4.2, Notule Dag 5 pt 17)

Die Algemene Sinode keur die volgende wysigings goed ten opsigte van die *Reglement vir Appèl en Beswaar* (let op die aangepaste numering):

1. REG TOT REVISIE, APPÈL, BESWAAR OF GRAVAMEN

1.1.1 Revisie/hersiening behels die hersiening van ’n besluit tydens dieselfde of ’n volgende vergadering op versoek van ’n lid van die vergadering.

2. REVISIE EN HERSIENING VAN BESLUIE

2.2 Besluite van dieselfde vergadering:

2.2.1 Wanneer kennis van revisie gegee word, kan die redes verstrek word waarom revisie aangevra word, maar 'n beredenering van die saak waaroor die besluit handel, word nie toegelaat nie.

2.2.2 Nadat kennis van revisie gegee is, besluit die vergadering of revisie toegestaan word.

2.2.3 Indien revisie toegestaan word, word die besluit tydens die vergadering in behandeling geneem op 'n tyd soos deur die voorsitter gereël.

2.3 Besluite van die verlede:

2.3.1 Kerkraadsvergaderings:

Wanneer kennis van revisie gegee word, kan die redes verstrek word waarom revisie aangevra word, maar 'n beredenering van die saak waaroor die besluite handel, word nie toegelaat nie.

2.3.1.1 Nadat kennis van revisie gegee is, besluit die vergadering of revisie toegestaan word.

2.3.1.2 Indien revisie toegestaan word, word die besluit by 'n volgende vergadering in behandeling geneem.

2.3.2 Meerdere vergaderings:

Besluite van meerdere vergaderings word na vooraf skriftelike kennisgewing in behandeling geneem. Verslae van kommissies en beskrywingspunte waar nuwe aanbevelings oor vorige besluite gemaak word, word geag genoegsame skriftelike kennisgewing te wees.

2.4 Hantering van revisie:

2.4.1 Wanneer die revisie behandel word, is die saak waaroor dit gaan oop vir bespreking, en word 'n voorstel en amendemente opnuut ingedien.

2.4.2 Indien die revisie-/hersienningsvoorstel goedgekeur is, vervang dit die vorige besluit(e).

1.3 Die weg van kerklike **appèl** of **beswaar** na 'n meerdere vergadering of sy gevolmagtigde appèlriggaam kan deur 'n lidmaat en/of kerkvergadering volgens die voorgeskrewe prosedure gevolg word.

1.3.1 Die kerkvergadering of sy gevolmagtigde appèlriggaam, kan waar toepaslik, die saak éérs vir bemiddeling en versoening verwys (vergelyk *Funksionele Besluite*: Riglyne vir die Beslegting van Kerklike Geskille).

1.3.2 Indien geskilbeslegting nie die gewenste resultaat lewer nie, gaan die appèl of beswaar voort.

3. APPÈL OF BESWAAR TEEN BESLUIE VAN DIE KERKRAAD

3.3 Die kerkvergadering of sy gevolmagtigde appèlriggaam, kan waar toepaslik, die saak éérs vir bemiddeling en versoening verwys (vergelyk *Funksionele Besluite*: Riglyne vir die Beslegting van Kerklike Geskille).

3.4 Indien geskilbeslegting nie die gewenste resultaat lewer nie, gaan die appèl of beswaar voort.

4. APPÈL TEEN BESLUIE VAN DIE RING OF SY GEVOLMAGTIGDE

4.3 Die kerkvergadering of sy gevolmagtigde appèlriggaam, kan waar toepaslik, die saak éérs vir bemiddeling en versoening verwys (vergelyk *Funksionele Besluite*: Riglyne vir die Beslegting van Kerklike Geskille).

4.4 Indien geskilbeslegting nie die gewenste resultaat lewer nie, gaan die appèl of beswaar voort.

5. APPÈL OF BESWAAR TEEN BESLUIE VAN DIE SINODE OF SY GEVOLMAGTIGDE

5.3 Die kerkvergadering of sy gevolmagtigde appèlriggaam, kan waar toepaslik, die saak éérs vir bemiddeling en versoening verwys (vergelyk *Funksionele Besluite*: Riglyne vir die Beslegting van Kerklike Geskille).

5.4 Indien geskilbeslegting nie die gewenste resultaat lewer nie, gaan die appèl of beswaar voort.

5.5 Die beslissing van die sinode of sy gevolmagtigde appèlriggaam is finaal ten opsigte van daardie aangeleentheid wat tot sy bevoegdheid behoort.

9. MIDDELE TOT BESKIKKING VAN 'N APPÈLLIGGAAM

9.1 Na oorweging van 'n appèl kan die appèlriggaam met uitsondering van 8.2 hieronder, die appèl op een van die volgende wyses hanteer:

9.1.1 die appèl geheel of gedeeltelik toestaan, of ~~en die besluit van die kerkvergadering ter syde stel of wysig;~~ of

9.1.2 die appèl in geheel of gedeeltelik afwys, of ~~en die besluit(e) van die kerkvergadering in geheel of gedeeltelik bekrachtig.~~

9.1.3 indien die appèl berus op wesenlike onreëlmatighede tydens die vergadering wat die besluit(e) geneem het, stel die appèlriggaam die besluit van die betrokke kerkvergadering tersyde.

9.2 Waar die appèl berus op wesenlike onreëlmatighede tydens die vergadering wat die besluit(e) geneem het, stel die appèlriggaam die besluit van die betrokke kerkvergadering ter syde. Die appèlriggaam kan ook die aangeleentheid na die betrokke kerkvergadering terugverwys om die appèl of beswaar van nuuts af te hanteer. Die kerkvergadering na wie die saak terugverwys is, wys 'n nuwe gevolmagtigde ondersoekliggaam daarvoor aan.

9.2 Indien die appèlriggaam die appèl in geheel of gedeeltelik toestaan, word die betrokke kerklike vergadering se besluit/uitspraak, waar van toepassing, na die betrokke kerkvergadering of gevolmagtigde ondersoekliggaam terugverwys vir hersiening.

9.3 Die kerkvergadering na wie die saak terugverwys is, kan 'n nuwe gevolmagtigde ondersoekliggaam aanwys om die saak van nuuts af te ondersoek.

9.34 Indien die beswaar in 'n beswaarskrif gehandhaaf word, word die tersaaklike besluit(e) van die mindere kerkvergadering ter syde gestel.

10. BESLISSING VAN DIE APPELLIGGAAM

REGLEMENT VIR BEDRYFSPAN (A.4 bl 44 pt 9.2, T.18.1 pt 4.2, Notule Dag 2 pt 26)

4.2.1 Die Algemene Sinode besluit om die Reglement vir die Bedryfspan soos volg te wysig:

4.2.1.1 2.1.4 twee lede van die Steundiens Menslike Hulpbronne word deur die ASM aangewys;

4.2.1.2 3.5 die koördinering van die werksaamhede van ondersteuningsdienste en

taaksteunspanne projekspanne asook die monitering van die vordering van hulle werksaamhede;

4.2.1.3 3.11 die aanstelling van junior personeel in die kantoor van die Algemene Sinode in ooreenstemming met die personeelbeleid op aanbeveling van die Steundiens Menslike Hulpbronne en in na oorleg met die Steunspan Fondse en Bates.

REGLEMENT VIR DIE BEROEPING, BEVESTIGING, DEMISSIE EN EMERITAAT VAN BEDIENAARS VAN DIE WOORD, PROPONENTE EN EMERITI (A.18 bl 414 pt 13.2.7, Notule Dag 5 pt 17)

13.2.7.1 Punt 2.2.2: die ring of sy gevolmagtigde kommissie skriftelik bevestig dat daar aan al die kerklike vereistes vir die uitbring van die beroep voldoen is.

13.2.7.2 Punt 2.2.3: Besware teen 'n beroep of beroepene word by die betrokke ring of ringskommissie sy gevolmagtigde ingedien, wat dit volgens die bepalinge van die betrokke sinodale gebied hanteer (vergelyk ook 8. hieronder).

13.2.7.3 Punt 4.2.3: die lidmate van die gemeente kan versoek word om by die skriba van die kerkraad name in te gee vir vooraf plasing op die groslys; en/of

13.2.7.4 'n Nuwe punt 4.8 word ingevoeg en die numering daarna word aangepas: Die verteenwoordiger van die ring woon die beroepsvergadering by.

REGLEMENT VIR DIE BESTUUR VAN DIENSVERHOUDINGE BY WANGEDRAG, ONGESKIKTHEID EN ONVERMOË (A.18 bl 415 pt 13.2.11, Notule Dag 5 pt 17)

Die Reglement vir die Bestuur van Diensverhoudinge by Wangedrag, Ongeskiktheid en Onvermoë word soos volg gewysig (numering word aangepas soos van toepassing):

REGLEMENT VIR DIE BESTUUR VAN DIENSVERHOUDINGE BY WANGEDRAG, ONGESKIKTHEID EN ONVERMOË

2. PROSEDURE (WYSE VAN OPTREDE)

2.1 **Wangedrag (Verskuif met voetnota na Reglement 18)**

~~2.1.1 'n Tug- en/of dissiplinêre ondersoek teen 'n bedienaar van die Woord wat in diens van 'n gemeente is, geskied deur die ring of sy gevolmagtigde tribunaal.~~

~~2.1.2 'n Tugondersoek teen 'n bedienaar van die Woord wat in diens van die kerkverband is, geskied deur die kerklike tribunaal in samewerking met die ring of sy gevolmagtigde ondersoekliggaam, onder wie se opsig die bedienaar van die Woord staan.~~

~~2.1.3 'n Dissiplinêre ondersoek teen 'n bedienaar van die Woord wat in diens van die kerkverband staan, geskied deur die kerkvergadering of sy gevolmagtigde tribunaal ondersoekliggaam, in wie se diens die bedienaar van die Woord staan.~~

~~2.1.4 Indien die dissiplinêre ondersoek teen 'n bedienaar van die Woord ook 'n ondersoek na 'n tugwaardige sonde insluit, versoek wys die betrokke ring in oorleg met die ander kerkvergadering dat die kerklike tribunaal die ondersoek saam met die kerkvergadering of sy gevolmagtigde sal hanteer. 'n gevolmagtigde ondersoekliggaam aan, en bekragtig die ring die bevindinge en tugmaatreëls, terwyl die ander kerkvergadering die bevindinge en dissiplinêre maatreëls bekragtig.~~

~~2.1.5 In geval van tug- en/of dissiplinêre optrede weens wangedrag deur 'n bedienaar van die Woord, tree die kerklike tribunaal ondersoekliggaam volgens Hoofstuk 5 van die *Kerkorde* en die *Reglement vir Tug en Dissipline* op.~~

2.2.1 **Gebrekkige bedieningsvaardigheid of dienslewering (ongeskiktheid)**

Indien 'n kerkraad of die betrokke ring oordeel dat 'n formele ondersoek na die bekwaamheid of geskiktheid van 'n bedienaar van die Woord nodig is, word die saak op die agenda van die kerkraad geplaas vir hantering aan die hand van die volgende prosedure, met verslag aan ~~en uiteindelijke goedkeuring~~ deur die ring:

2.2.1 Die kerkraad wys 'n gevolmagtigde ondersoekliggaam aan wat saamgestel is uit drie lede van die kerkraad, se gevolmagtigde wat die diensverhoudinge hanteer, ondersoek saam met die ring se gevolmagtigde, of ten minste een lid van die laaste ringsvergadering deur die ring se gevolmagtigde aangewys, en ten minste een lid deur die sinode se gevolmagtigde aangewys.

2.2.2 Hierdie ondersoekliggaam ondersoek die bekwaamheid of geskiktheid van die bedienaar van die Woord. Die vereistes vir 'n formele ondersoek is dieselfde as die vereistes vir 'n tug- en/of dissiplinêre

ondersoek (vergelyk *Reglement vir Tug en Dissipline*), aangepas vir die formele ondersoek na bekwaamheid of geskiktheid.

2.2.8 Indien die kerkraad se gevolmagtigde ondersoekliggaam tot die gevolgtrekking kom dat die onbekwaamheid of ongeskiktheid nie uit die weg te ruim is nie, kan die kerkraad die bedienaar van die Woord uit diens van die gemeente ontslaan. Diensbeëindiging weens gebrekkige bedieningsvaardigheid of dienslewering geskied met behoud van die bevoegdheid van die bedienaar van die Woord en die uitreiking van die *Akte van Demissie*.

2.3 Swak gesondheid of besering (ongeskiktheid)

Indien 'n kerkraad of die betrokke ring oordeel dat 'n bedienaar van die Woord weens swak gesondheid of besering nie meer sy/haar diensverpligtinge kan nakom nie, word die saak op die agenda van die kerkraad geplaas vir hantering aan die hand van die volgende prosedure, met verslag aan en uiteindelijke goedkeuring deur die ring:

2.3.1 Die kerkraad wys 'n gevolmagtigde ondersoekliggaam aan wat saamgestel is uit drie lede van die kerkraad, se gevolmagtigde wat die diensverhoudinge hanteer, ondersoek saam met die ring se gevolmagtigde, of ten minste een lid van die laaste ringsvergadering deur die ring se gevolmagtigde aangewys, en ten minste een lid deur die sinode se gevolmagtigde aangewys.

2.4.1 Gemeente/kerkverband se bedryfsvereistes

Indien 'n kerkraad of die betrokke ring oordeel dat 'n gemeente om finansiële redes nie meer 'n bedienaar van die Woord kan bekostig nie, word die saak op die agenda van die kerkraad geplaas vir hantering aan die hand van die volgende prosedure met verslag aan ~~en goedkeuring deur die ring:~~

2.4.1.1 Die kerkraad wys 'n gevolmagtigde ondersoekliggaam aan wat saamgestel is uit drie lede van die kerkraad waarin die gevolmagtigdes wat die diensverhoudinge en fondse hanteer, verteenwoordig is, se gevolmagtigde wat die diensverhoudinge hanteer, ondersoek saam met die ring se gevolmagtigde, of ten minste een lid van die laaste ringsvergadering deur die ring se gevolmagtigde aangewys, en ten minste een lid deur die sinode se gevolmagtigde regs-kommissie aangewys,

2.4.1 Die kerkraad ~~se gevolmagtigdes wat die diensverhoudinge en fondse hanteer, ondersoek, in samewerking met die ring en sinode se gevolmagtigde, die saak formeel.~~

2.4.2 Die kerkraad se gevolmagtigde ondersoekliggaam, ~~en ring en sinode se gevolmagtigdes~~ bepaal die omvang van die finansiële probleem en wend daadwerklike pogings aan om oplossings te soek.

2.4.3 Indien diensbeëindiging die enigste oplossing blyk te wees, pleeg die kerkraad se gevolmagtigde ondersoekliggaam en ring en sinode se gevolmagtigdes oorleg met die bedienaar(s) van die Woord wat waarskynlik deur die beoogde diensbeëindiging geraak sal word.

2.4.4 Die oorlegplegende partye poog om eenstemmigheid te bereik oor:

2.4.4.1 geskikte maatreëls om die diensbeëindiging te vermy, dit tot die minimum persone te beperk, die tydsberekening daarvan te verander en die nadelige gevolge daarvan te versag;

2.4.4.2 die metode van selektering van die bedienaar(s) van die Woord wie se dienste beëindig gaan word; en

2.4.4.3 voorsiening by diensbeëindiging (uittreeloon of skeidingspakket).

2.4.5 Die kerkraad se gevolmagtigde ondersoekliggaam en ring en sinode se gevolmagtigdes voorsien skriftelik aan die bedienaar(s) van die Woord met wie oorleg gepleeg word:

2.4.5.1 die redes vir die beoogde diensbeëindiging;

2.4.7 Die kerkraad se gevolmagtigde ondersoekliggaam ring en sinode se gevolmagtigdes selekteer die bedienaar(s) van die Woord wie se diens beëindig gaan word volgens maatstawwe waaroor die oorlegplegende partye ooreengekom het of wat, indien daar nie eenstemmigheid is nie, billik en objektief is.

2.5.1 Gemeente/kerkverband se bedieningsvereistes

2.5.1.1 Die kerkraad wys 'n gevolmagtigde ondersoekliggaam aan wat saamgestel is uit drie lede van die kerkraad waarin die gevolmagtigdes wat die diensverhoudinge hanteer, verteenwoordig is, ten minste een lid van die laaste ringsvergadering deur die ring se gevolmagtigde aangewys, en ten minste een lid deur die sinode se gevolmagtigde aangewys,

2.5.1.2 Die kerkraad, se gevolmagtigde ondersoekliggaam bepaal die omvang van die bedryfsvereistes waaraan die bedienaar van die Woord nie voldoen nie en wend daadwerklike pogings aan om oplossings te soek. Dieselfde prosedure, uiteengesit in 2.4.3 tot 2.4.9 hierbo, en indien nodig aangepas, word gevolg.

2.6 Voorsiening

In gevalle van diensbeëindiging geld die volgende reëlings met betrekking tot billike voorsiening:

2.6.1 Diensbeëindiging weens wangedrag (Skuif na Reglement 18)

2.6.1.1 Die uitbetaling van alle uitstaande verlof ingevolge die bepalings van die *Reglement vir die Verlof van Bedienaars van die Woord*.

2.6.1.2 In gevalle van summiere ontslag word behuisingsvoordele vir 30 dae na die ontslag voorsien.

2.6.1.3 In gevalle van ontslag op 'n datum soos besluit deur die kerkvergadering, word lewensonderhoud, toelaes en behuisingsvoordele voorsien soos ooreengekom tot op dié datum.

REGLEMENT VIR KERKLIKE GOEDERE (A.6.1 bl 74 pt 4.2, T.6.1.1 bl 1 pt 4.2, T.18.1 bl 3 pt 6.2, Notule Dag 3 pt 5)

6.2.1 Die Algemene Sinode besluit om die hersiene Reglement 20: REGLEMENT VIR KERKLIKE GOEDERE goed te keur met die volgende wysigings:

1.1.3 Algemene sinodale kerklike goedere word geadmistrateer deur die Algemene Steunspan Fondse en Bates ingevolge besluite van die Algemene Sinode. ~~en die vereistes vir 'n Openbare Weldaadsorganisasie soos bepaal deur Artikel 30 en Artikel 10 (1)(cN) van die Wet en die vereistes van die Belastingvrystellingseenheid van die SAID.~~

1.1.4 Die Algemene Steunspan Fondse en Bates is bevoeg om in opdrag van die Algemene Sinode enige regshandeling te verrig en om tussentydse beleggings te maak wat verband hou met die beskikking, verkryging, ontvangs van testamentêre bemakings, vervreemding, beswaring of versekering van die betrokke bates, onderhewig daaraan:

1.1.4.1 dat die inkomste en eiendom van die Algemene Sinode, met inbegrip van eiendom of inkomste wat deur enige gevolmagtigde van die Algemene Sinode bestuur word, nie aan enige persoon uitgekeer mag word nie, maar uitsluitlik aangewend mag word vir die beoefening van die aktiwiteite (openbare weldade) van die Algemene Sinode ~~en die bevordering van die oogmerke waarvoor dit ingestel is as 'n Openbare Weldaadsorganisasie~~; en

1.1.4.2 dat niks wat hierin bepaal is, die betaling te goeder trou belet van redelike besoldiging (synde vergoeding wat nie oormatig is, inaggenome wat algemeen as redelik geag word in die openbare weldaadsorganisasie-sektor en met betrekking tot die diens gelewer nie) aan enige werknemer of beampte van die Algemene Sinode vir dienste wat sodanige persoon werklik aan die Algemene Sinode gelewer het nie); en met insluiting van:

1.1.4.3-2.1 die ontvang van oordrag van alle eiendomme, goedere of fondse van die ontbinde Raad van Kerke en die gefedereerde rade;

1.1.4.4-2.2 die verkryging van eiendomme, roerend en/of onroerend, deur skenking, erflating, aankoop, huur of op enige ander wyse; en

1.1.4.3-2.3 die behoud van 'n belegging in die vorm van 'n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit (of enige bate in so 'n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit) wat dit as 'n skenking, bemaking of erflating verkry, in die vorm waarin dit verkry is mits dit voldoen aan die Wet en die vereistes van die Belastingvrystellingseenheid van die SAID.

1.1.5 In geval van die uitrede van al die sinodes in terme van Artikel 36 van die *Kerkorde* óf die ontbinding van die Algemene Sinode, word alle eiendomme, goedere en fondse tussen die samestellende sinodes na verhouding van die getal belydende lidmate binne die gebied van elke sinode ten tyde van die ontbinding verdeel, ~~met dien verstande dat 'n sinode slegs in die verdeling van die Algemene Sinode se bates mag deel indien dit ingevolge die Wet goedgekeur is as 'n Openbare Weldaadsorganisasie.~~

1.1.6 Die Algemene Steunspan Fondse en Bates administreeer die algemene sinodale kerklike goedere, met dien verstande dat die Steunspan:

1.1.6.1 deurlopend sal verseker dat daar voldoen word aan die kerkordelike bepalinge, reglemente en besluite van die Algemene Sinode ~~en die vereistes vir 'n Openbare Weldaadsorganisasie soos bepaal deur die Wet en die vereistes van die Belastingvrystellingseenheid van die SAID~~; en

6.2.2 Die Algemene Sinode keur dit goed dat die woorde “en die vereistes vir 'n Openbare Weldaadsorganisasie soos bepaal deur Artikel 30 en Artikel 10 (1)(cN) van die Wet en die vereistes van die Belastingvrystellingseenheid van die SAID” ook geskrap word by punte 2.3, 3.3, en 4.3.

6.2.3 Die Algemene Sinode keur dit goed dat die woorde “en die bevordering van die oogmerke waarvoor dit ingestel is as 'n Openbare Weldaadsorganisasie” ook geskrap word by punte 2.4.1, 3.4.1, en 4.4.1.

6.2.4 Die Algemene Sinode keur dit goed dat pt 2.2 soos volg gewysig word: 2.2 Die NG Kerk is dus eienaar van alle roerende en onroerende goedere wat deur die Sinode beheer en verkry word en vaste eiendom word in die naam van die *Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode* (voeg in die amptelike naam van die betrokke sinode) geregistreeer.

6.2.5 Die Algemene Sinode keur goed dat die opskrif by punt 6 soos volg gewysig word:
DIE KERK AS 'N SE OPENBARE WELDAADSORGANISASIES

REGLEMENT VIR DIE MODERAMEN VAN DIE ALGEMENE SINODE (T.11.1 pt 1, T.18.4 bl 1 pt 2.2, Notule Dag 6 pt 17)

2.2.1 Die Algemene Sinode keur dit goed dat punt 2.1.3 soos volg gewysig word:

2.1.3 een lid vier lede met sekundus sekundi uit elke sinode deur die sinode of sy gevolmagtigde genomineer en deur die Algemene Sinode verkies.

REGLEMENT VIR TUG EN DISSIPLINE (A.18 bl 417 pt 13.2.12, Notule Dag 5 pt 17)

Die reglement word soos volg gewysig:

REGLEMENT VIR TUG EN DISSIPLINE

1. SAMESTELLING VAN DIE KERKLIKE TRIBUNAAL ONDERSOEKLIIGGAAM

1.1 Ondersoeke na beweerde tugwaardige sondes en/of dissiplinêre oortredings wat as wangedrag geklassifiseer kan word¹, word deur 'n kerklike tribunaal ondersoekliggaam hanteer wat óf die kerkvergadering self kan wees óf 'n gevolmagtigde tribunaal van die kerkvergadering.

1.2 Elke kerkvergadering met tug- en/of dissiplinêre verantwoordelikheid, besluit of die vergadering self die tug- en/of dissiplinêre verhore ondersoeke gaan doen en of daar van 'n gevolmagtigde tribunaal ondersoekliggaam-gebruik gemaak gaan word.

1.3 Indien 'n kerkraad van 'n gevolmagtigde tribunaal ondersoekliggaam gebruik maak om 'n tug- en/of dissiplinêre verhoor ondersoek te doen, wys die kerkraad 'n ondersoekliggaam tribunaal van ten minste vyf gemeente-lede aan. Hierdie kerkraadtribunaal ondersoekliggaam word saamgestel uit minstens drie ouderlinge van die gemeente en twee lede van die vorige ringsitting soos deur die ringskommissie aangewys. Ander kundige lidmate van binne of buite die gemeente kan ook gekoöpteer word as volwaardige lede van die ondersoekliggaam.

1.4 Indien 'n ring van 'n gevolmagtigde tribunaal ondersoekliggaam gebruik maak in 'n tugverhoorondersoek, verwys die ring die hele aangeleentheid na die ringtribunaal vir hantering. Die ringtribunaal bestaan uit 'n minimum van vyf lede, waarvan drie lede deur die ring aangewys word en twee lede deur die sinode aangewys word. Hierdie name word uit 'n lys van goedgekeurde lede aangewys, wat by die vorige sinodevergadering en ringsvergadering goedgekeur is vir die doel. Die ringskommissie dagbestuur van die Sinodale regsplan stel in oorleg met die sinodale regsplan samewerking met die ringtribunaal saam. 'n ondersoekliggaam van ten minste vyf lidmate aan waarvan ten minste drie lede van die ringsvergadering moet wees. Ander kundige lidmate van binne of buite die ring kan ook gekoöpteer word as volwaardige lede van die ringtribunaal ondersoekliggaam. Al die lede moet die goedkeuring van die betrokke partye wegdra.

Voetnota:1 Wangedrag deur 'n bedienaar van die Woord as werknemer in diens van 'n gemeente/kerkverband, kan ook 'n tugwaardige sonde wees. Die term tug word gebruik vir die kerklike handeling waarmee 'n bedienaar van die Woord as lidmaat en ampsdraer in verband met gemeentelike verhoudinge (leer en lewe) opgevoed, tot orde geroep en getug kan word. Die term dissipline word gebruik vir die kerklike handeling waarmee 'n bedienaar van die Woord as werknemer in verband met diensverhoudinge opgevoed, tot orde geroep en gedissiplineer kan word. 'n Tug- óf dissiplinêre ondersoek kan dus plaasvind, maar wanneer beide tug en dissipline ter sprake is, word daar na 'n tug- én dissiplinêre ondersoek verwys.

1.5 Indien 'n dissiplinêre én tugverhoor ondersoek gehou doen word, wys die ring of sy gevolmagtigde in oorleg met die Sinodale regsplan en ander kerkvergadering 'n t ondersoekliggaam aan wat uit ten minste ses vyf lede bestaan. Ander kundige lidmate van binne of buite die ring kan ook gekoöpteer word as volwaardige lede van die ondersoekliggaam.

1.6 'n Kerkradslid wat in 'n kerklike tribunaal ondersoekliggaam dien en aan 'n verhoor ondersoek deelneem, behou sittingsreg in die tribunaal ondersoekliggaam tot die verhoor ondersoek voltooi is, al verstryk die kerkradslid se ampstermyn tydens die duur van die ondersoek. verhoor

1.7 Indien 'n situasie ontstaan waartydens óf die kerklike tribunaal ondersoekliggaam óf die aangeklaagde/geïmpliseerde oordeel dat 'n regverdige en billike verhoor ondersoek nie kan plaasvind met die huidige samestelling van die kerklike tribunaal ondersoekliggaam nie, het beide die reg om, met opgaaf van rede(s), aansoek te doen dat 'n ander kerklike tribunaal ondersoekliggaam saamgestel word om die verhoor ondersoek te hanteer doen.

1.7.1 In geval van 'n kerklike verhoor ondersoek deur die kerkraad of sy gevolmagtigde, word die ring of sy gevolmagtigde versoek om 'n ander kerklike tribunaal ondersoekliggaam aan te wys om as gevolmagtigde van die betrokke kerkraad die ondersoek te doen.

1.7.2 In geval van 'n kerklike verhoor ondersoek deur die ringtribunaal ring of sy gevolmagtigde, word die sinode of sy gevolmagtigde versoek om 'n ander tribunaal ondersoekliggaam aan te wys om as gevolmagtigde van die betrokke ring die ondersoek te doen.

2. AANBRING VAN KLAG, GERUG OF VERSLAG

2.1 Die tugwaardige sondes waarna in Artikel 61 van die *Kerkorde* en dissiplinêre oortredings waarna in Artikel 63 van die *Kerkorde* verwys word, kom op een van drie maniere voor die betrokke kerkvergadering of sy gevolmagtigde tribunaal vir verhoor ondersoek:

2.1.1 deur 'n nadelige gerug; of

2.1.2 deur 'n skriftelike klag; of

2.1.3 deur 'n skriftelike verslag aan die kerkvergadering wat voortvloei uit amptelike werksaamhede van die gevolmagtigde van die kerkvergadering wat die diensverhoudinge hanteer.

3. AANVANKLIKE HANTERING VAN DIE KLAG, GERUG OF VERSLAG

3.1 By ontvangs van 'n klag, gerug of verslag en vóórdat besluit word om dit te verhoor ondersoek:

3.1.1 word die kerkvergadering of die gevolmagtigde ondersoekliggaam gesuiwer van die persone oor wie die klag, gerug of verslag gaan, asook van die klaer of aanbringer van die gerug of verslag;

3.1.2 stel die kerkvergadering of sy gevolmagtigde tribunaal ondersoekliggaam eers vas of die klag, gerug of verslag tot 'n verhoor ondersoek na 'n beweerde tugwaardige sonde(s) en/of dissiplinêre oortreding(s) in die geval van wangedrag kan lei; en

3.1.3 probeer die kerkvergadering of die gevolmagtigde ondersoekliggaam eers om, waar toepaslik, die saak deur herderlike sorg, versoeningsaksie, kerklike mediasie of die hantering daarvan as 'n geskil, op te los. Indien so 'n proses nie die gewenste resultaat lewer nie, gaan die verhoor ondersoek voort.

3.2 Indien besluit word om 'n beweerde tugwaardige sonde en/of dissiplinêre oortreding nie te verhoor ondersoek nie, moet die klaer of aanbringer van die gerug of verslag, asook die aangeklaagde/geïmpliseerde, skriftelik daarvan in kennis gestel word.

3.3 'n Klag, gerug of verslag wat ontvang word, word nadat dit ter tafel geneem is, die besit van die betrokke kerkvergadering of sy gevolmagtigde tribunaal ondersoekliggaam en kan nie sonder toestemming van die betrokke kerkvergadering of sy gevolmagtigde tribunaal ondersoekliggaam teruggetrek word nie.

3.4 Indien 'n lidmaat of ampsdraer voor of tydens 'n verhoor ondersoek na aanleiding van 'n klag, gerug of verslag oor die persoon bedank, gaan die bevoegde kerkvergadering of sy gevolmagtigde tribunaal ondersoekliggaam voort om die verhoor te hanteer ondersoek te doen, die nodige besluit(e) te neem en die Algemene Steunspan Predikantesake skriftelik daarvan in kennis te stel.

4. OPSKRIFSTELLING VAN DIE AANKLAG

4.1 Indien besluit word om die beweerde tugwaardige sonde en/of dissiplinêre oortreding te verhoor ondersoek, word die aanklag waarteen die aangeklaagde/geïmpliseerde verwerend moet optree, deur die tribunaal ondersoekliggaam op skrif gestel.

4.1.1 In die geval van 'n klag of gerug kan die tribunaal ondersoekliggaam die klaer of die aanbringer van die gerug adviseer met betrekking tot die formulering van die aanklag.

4.1.2 In die geval van 'n verslag formuleer die tribunaal ondersoekliggaam self die beweerde tugwaardige sonde en/of dissiplinêre oortreding wat verhoor ondersoek moet word.

4.2 'n Geformuleerde aanklag wat verhoor ondersoek word, moet skriftelik die aard, plek en tyd van die beweerde tugwaardige sonde en/of dissiplinêre oortreding vermeld.

5. BESORGING VAN DIE KLAGSKRIF

Die klagskrif moet ten minste 7 dae 'n redelike tyd vóór die aanvang van die verhoor ondersoek skriftelik aan die aangeklaagde/geïmpliseerde besorg word.

6. DIE MOONTLIKHEID VAN STUITING

6.1 By beweerde ergerlike wangedrag¹ deur 'n ampsdraer mag die ring of sy gevolmagtigde tribunaal ondersoekliggaam, na ontvangs van die klag, gerug of verslag, die aangeklaagde/geïmpliseerde in die diens stuit. Die betrokke kerkvergadering of ondersoekliggaam moet die aangeklaagde/geïmpliseerde ampsdraer vooraf skriftelik kennis gee van die voorneme om die persoon in die amp te stuit. Hierdie kennisgewing moet 'n kort en saaklike uiteensetting bevat van die beweerde ergerlike wangedrag en die aangeklaagde/geïmpliseerde uitnoui om skriftelike verhoor te rig voordat 'n besluit tot stuiting gefinaliseer word.

6.2 Hierdie stuiting geskied met kennisgewing aan die aangeklaagde/geïmpliseerde en die instansie in wie se diens die persoon staan.

6.3 Stuiting behels die opskorting van lidmaatsregte en ampsvoorregte. Stuiting is nie 'n tug- en/of dissiplinêre handeling of -maatreeël nie, maar dien slegs om al die betrokkenes te beskerm en 'n vry en regverdige verhoor ondersoek moontlik te maak.

7. DIE MOONTLIKHEID VAN 'N VOORLOPIGE ONDERSOEK

7.1 Die tribunaal ondersoekliggaam kan 'n voorlopige ondersoek deur van sy lede laat doen. Die doel van die voorlopige ondersoek is om inligting vir die verhoor in te win en vir die tribunaal 'n aanduiding te gee oor die verloop van die kerklike verhoor.

7.1.1 Die lede wat die voorlopige ondersoek doen, berei 'n verslag voor vir die tribunaal ondersoekliggaam wat tot 'n bevinding(e) oor die verdere ondersoek moet kom.

7.1.2 Die verslag moet slegs feitelike inligting betreffende die voorlopige ondersoek bevat, naamlik:

7.1.2.1 'n beskrywing van die inhoud en verloop van die ondersoek; en

7.1.2.2 stawende skriftelike bewyse.

7.1.3 Die verslag bevat geen bevinding(e) na aanleiding van die ondersoek of aanbevelings betreffende skuld of onskuld en moontlike tug- en of dissiplinêre maatreeëls nie.

7.2 Die verslag van die voorlopige ondersoek dien voor die tribunaal ondersoekliggaam wat 'n bevinding(e) maak en besluite neem tydens die verhoor ~~oor die verdere ondersoek~~ van die aanklag(te).

7.3 Die vereistes vir die voorlopige ondersoek is dieselfde as dié vir die ondersoekliggaam wat tot die finale bevinding(e) en besluite moet kom (behalwe 8.1.6).

7.4 Deelname aan 'n voorlopige ondersoek ontnem hierdie lede nie van sittingsreg in die betrokke kerkvergadering of sy gevolmagtigde tribunaal ondersoekliggaam nie.

¹ Ergerlike wangedrag kan onder meer die volgende behels: owerspel, onsedelikheid, egskeiding, moord, meineed, diefstal en leerdwaling.

8. VEREISTES VIR 'N TUG- EN/OF DISSIPLINÊRE VERHOOR ONDERSOEK

8.1 Ooreenkomstig Artikel 59.2 van die *Kerkorde* gee die kerkvergadering of sy gevolmagtigde aan die volgende uitvoering tydens die verhoor ondersoek:

8.1.1 Niemand met 'n botsende belang ten opsigte van die saak wat verhoor ondersoek word, mag deel wees van 'n tribunaal ondersoekliggaam wat 'n tug- en/of dissiplinêre verhoor ondersoek doen en besluite daarvoor neem nie.

8.1.2 Die tribunaal ondersoekliggaam word gesuiwer van die partye (die klaer(s), aanbringer(s) van die gerug of verslag, die aangeklaagde(s)), moontlike getuies, persone wat in die eerste of tweede graad aan die partye verwant is en ander persone wat een of ander persoonlike belang by die saak het.

8.1.3 Vergaderings wat tug- en/of dissiplinêre verhore ondersoekte hanteer doen, is geslote vergaderings.

8.1.4 Klaer(s), aangeklaagde(s) en getuies moet voldoende geleentheid kry om hulle saak te stel.

8.1.5 Die partye is nie geregtig op iemand wat namens hulle optree nie, maar kan bygestaan word deur 'n NG Kerklidmaat van die eie of 'n ander gemeente. Indien die klag(te) van sodanige ergerlike aard is dat die aangeklaagde/geïmpliseerde uit diens van die gemeente/kerkverband ontslaan kan word, het die tribunaal ondersoekliggaam die diskresie om regsverteenvoordiging aan die partye toe te staan.

8.1.6 Die verhoor ondersoek na 'n beweerde tugwaardige sonde en/of dissiplinêre oortreding vind deurentyd plaas in die teenwoordigheid van die klaer(s) en die aangeklaagde(s). Vrae deur al die aanwesiges kan oor en weer gestel word. Die betrokke tribunaal ondersoekliggaam kan self ook getuies oproep en getuienis aanbied om tot 'n behoorlike bevinding in sy verhoor ondersoek te kom. Die partye self kan in die loop van die saak verdere getuienis aanbied om lig op die saak te werp.

8.1.7 Indien enige van die partye weier om voor die betrokke kerklike tribunaal ondersoekliggaam te verskyn of die voortgang van die verhoor ondersoek verhinder, kan die tribunaal ondersoekliggaam met opgaaf van rede(s) die verhoor ondersoek in afwesigheid van die party voortsit.

8.1.8 Die lede van 'n tribunaal ondersoekliggaam wat tot 'n bevinding(e) en besluite in 'n tug- en/of dissiplinêre verhoor ondersoek kom, moet almal vir die volle duur van die verhoor ondersoek teenwoordig wees.

8.1.9 Ná die aanhoor van die partye en die getuies, kom die tribunaal ondersoekliggaam tot sy skriftelike bevinding(e). Indien 'n aangeklaagde/geïmpliseerde aan 'n tugwaardige sonde en/of dissiplinêre oortreding skuldig bevind word, word getuienis eers ter versagting en verswaring aangehoor alvorens daar op 'n tug- en/of dissiplinêre maatreël besluit word.

8.1.10 Die bevinding(e) oor skuld of onskuld en besluit(e) oor die toepassing van 'n tug en/of dissiplinêre maatreël(s) deur 'n kerkvergadering of sy gevolmagtigde tribunaal, gaan met opgaaf van rede(s) gepaard.

9. KOSTE

9.1 Die koste van 'n tug- en of dissiplinêre verhoor wat koste vir duplisering, vergaderkoste en ander koste ondersoek—insluit, is vir die rekening van die betrokke kerkvergadering. Die sinode neem verantwoordelijkheid vir die sinodale lede wat op 'n betrokke tribunaal aangewys is.

9.2 Alle koste wat deur die partye self aangegaan is om of die klag in te dien en/of die klag te verdedig, sowel as vir die koste van hulle getuies is vir hulle eie rekening.

10. VOORSIENING IN DIE GEVAL VAN DIENSBEËINDIGING IN TUG- EN/OF DISSIPLINÊRE VERHORE

In gevalle van diensbeëindiging geld die volgende reëlings met betrekking tot billike voorsiening:

2.6.1.1 Die uitbetaling van alle uitstaande verlop ingevolge die bepalings van die *Reglement vir die Verlop van Bedienaars van die Woord*.

2.6.1.2 In gevalle van summiere ontslag word behuisingsvoordele vir 30 dae na die ontslag voorsien.

2.6.1.3 In gevalle van ontslag op 'n datum soos besluit deur die kerkvergadering, word lewensonderhoud, toelaes en behuisingsvoordele voorsien soos ooreengekom tot op dié datum.

11. KENNISGEWING AAN DIE ALGEMENE STEUNSPAN PREDIKANTESAKE

11.1 In alle gevalle waar die kerkvergadering of sy gevolmagtigde tribunaal ondersoekliggaam 'n tug- en of dissiplinêre maatreël teenoor 'n proponent, bedienaar van die Woord of emeritus toegepas het (selfs al het die persoon bedank – vergelyk 3.4 hierbo), word die sinodale regs-/kerkordekommissee én die Algemene Steunspan Predikantesake binne 14 dae deur die tribunaal ondersoekliggaam voorsien van die skriftelike bevinding(e) en die besluit(e).

11.2 Die Algemene Steunspan Predikantesake word deur die kerkvergadering of sy gevolmagtigde skriftelik in kennis gestel indien 'n party appèlleer teen die bevinding(e) en die besluit(e) van 'n tribunaal ondersoekliggaam rakende 'n proponent, bedienaar van die Woord of emeritus.

10.3 Die Algemene Steunspan Predikantesake word onverwyld deur die betrokke kerkvergadering of sy gevolmagtigde in kennis gestel wanneer 'n tug- en of dissiplinêre maatreël opgehef word of 'n verdere tug- en/of dissiplinêre maatreël toegepas word rakende 'n proponent, bedienaar van die Woord of emeritus.

REGLEMENT VIR VASTETERMYNPOSTE: INTERPRETASIE VAN DIE (A.18 bl 412 pt 9.2, Notule Dag 5 pt 17)

Die Algemene Sinode onderskryf die ASR se interpretasie van die *Reglement vir Vastetermynposte*.

REGLEMENT VIR VASTETERMYNPOSTE (A.18 bl 415 pt 13.2.9, Notule Dag 5 pt 17)

1. AARD

1.1 'n Vastetermynpos vir 'n bedienaar van die Woord predikant is 'n pos met 'n omskrewe termyn (met 'n aanvangs- en einddatum) van langer as ses maande en 'n omskrewe taak. Na verstryking van die termyn en na voltooiing van die taak, termineer 'n vastetermynpos.

1.2 'n Vastetermynpos kan voltyds of deelyds gevul word.

1.3 'n Predikant kan vir 'n termyn van ses maande of korter benoem word om 'n spesifieke taak in 'n gemeente te doen, byvoorbeeld tydens die kraamverlof van die gemeente se predikant. So 'n tydelike aanstelling (van ses maande of korter) is vrygestel van die bepalings van hierdie Reglement ten opsigte van die skep van die pos, die beroeping en bevestiging en die pensioendraendheid van die pos.

2. SKEP VAN POS

2.3.4 'n Vastetermynpos (langer as ses maande) is:

2.3.4.1 pensioendraend, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

2.3.4.1.1 'n predikant in 'n vastetermynpos se pensioenbydraevlak word bereken volgens die ooreengekome bydraekategorie;

2.3.4.1.2 die werkgewer bepaal die werkgewerbydraes tot die Pensioenfonds aan die hand van die reëls van die Pensioenfonds;

2.3.4.1.3 die werkgewer se bydrae bepaal die ooreenstemmende bydraekategorie van die werknemer;

2.3.4.2 nie pensioendraend nie, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

2.3.4.1.1 indien die termyn minder of gelyk aan twaalf maande is;

2.3.4.2.2 wanneer die bedienaar van die Woord in 'n vastetermynpos beroep word en reeds by 'n ander wetlik-goedgekeurde pensioenfonds ingeskakel is (dit sluit vrywillige annuïteitsfondse uit);

2.3.4.2.3 wanneer 'n emeritus by aanvaarding van 'n vastetermynpos reeds pensioen ontvang.

7. DIENSBEËINDIGING EN BEHOUD VAN BEVOEGDHEID

~~By diensbeëindiging ná verstryking van die termyn, word die bevoegdheid van bedienaar van die Woord/emertus behou.~~ By diensbeëindiging na verstryking van die termyn, word 'n Akte van Demissie uitgereik waar van toepassing en word die bevoegdheid van bedienaar van die Woord/emertus behou

REGLEMENT VIR VASTETERMYNPOSTE (A.18 bl 420, Notule Dag 5 pt 17)

Die Algemene Sinode besluit:

Reglementswysigings, in soverre dit die pensioenfondse raak, tree in werking nadat die toepaslike pensioenfondse die nodige goedkeuring vanaf die FSB en die SAID gekry het om die wysigings in die betrokke pensioenfonds se reëls aan te bring.

REGLEMENT VIR DIE VERLOF VAN BEDIENAARS VAN DIE WOORD (A.18 bl 415 pt 13.2.10, Notule Dag 5 pt 17)

~~13.2.10.1 Punt 9.2.5: 9.2.5 — Die bedienaar van die Woord mag tydens sabbatstyd nie 'n ander werk doen waarvoor vergoeding ontvang word nie.~~

~~13.2.10.2 Punt 9.2.6: Sabbatstyd geskied met volle lewensonderhoud en toelaes.~~

~~13.2.10.3 Punt 9.2.7: Na die sabbatstyd gee die bedienaar van die Woord skriftelik terugvoering aan die kerkvergadering.~~

REGLEMENT VIR VOLTYDS-ONBEPAAALDE POSTE (A.18 bl 415 pt 13.2.8, Notule Dag 5 pt 17)

13.2.8.1 Die benaming van die reglement word soos volg gewysig: *Reglement vir Voltyds-onbepaalde Termynposte.*

13.2.8.2 Die reglement word in die lig van 13.2.8.1 redaksioneel hersien waar nodig.

13.2.8.3 Die reglement word verder soos volg gewysig:

2.1 Vanaf die stigting tot die ontbinding van 'n gemeente beskik die gemeente oor 'n pos vir bedienaar van die Woord wat óf voltyds óf deelyds vir 'n onbepaalde ~~of bepaalde~~ termyn gevul word.

5.3: By die uiteindelijke verstryking van die termyn, kan die vastetermynpos nie voortgesit word nie. 'n Voetnota word dan bygevoeg: Die pos kan daarna slegs in terme van die Reglement vir Voltyds-onbepaalde Poste óf die Reglement vir Tentmakerposte gevul word.

RING: ROL VAN (A.16.3 bl 359 pt 4.7.2, Notule Dag 4 pt 10)

Die Algemene Sinode:

4.7.2.1 **bevestig weer die rol en taak van die ring soos omskryf in die Kerkorde Artikels 29–31;**

4.7.2.2 **versoek sinodale kommissies/diensrade om prosesse in plek te plaas om ringe te bemagtig ten einde hulle rol in die begeleiding van leraars effektief uit te voer.**

SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (Aanvullende Agenda A.19 bl 80 pt 4.2, Notule Dag 3 pt 3)

Die Algemene Sinode reël 'n gefasiliteerde gespreksgeleentheid oor die opdrag ter vergadering.

SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (A.19 (Aanvullende Agenda) bl 80 pt 4, Notule Dag 4 pt 12)

4.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die terugvoering van die Moderamen ten opsigte van die opdrag rakende selfdegeslagverhouding.

SELFDEGESLAGVERHOUDINGS (Notule Dag 6 pt 13)

2.1 Die Algemene Sinode herbevestig die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind haarself tot die handhawing van die menswaardigheid van alle mense.

2.2 Die Algemene Sinode verklaar dat hetero- en homoseksuele persone wat in 'n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan al die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap.

2.3 Die Algemene Sinode herbevestig die besluite oor die huwelik van 2004, 2007 en 2013 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as 'n huwelik beskou word.

2.4 Die Algemene Sinode besluit om in die lig van 2.1 hierbo erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenis van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou – en maak voorsiening dat hierdie verbintenis deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.

2.5 Dieselfde Christelik-etiese standaard (leer en lewe) geld vir die legitimasie en ordening van alle persone. Punt 7 van die besluit van 2007 verval.

2.6 Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenis binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.

2.7 Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in 'n gees van Christelike liefde te doen.

2.8 Die Algemene Sinode bied hierdie besluite oor selfdegeslagverhoudings aan met nederigheid na 'n ernstige soektog en as die beste toepassing van die boodskap van die Bybel soos ons dit tans verstaan. Die Algemene Sinode versoek lidmate, gemeentes en kerkvergaderings om weereens op 'n selfstandige soekproses na die toepassing van die boodskap van die boodskap van die Bybel hieroor te gaan. In die soektog kan studiestukke van die Algemene Sinode van 2007, 2011, 2013 en 2015 ernstig gelees word. In ooreenstemming met NGB Art 2 behoort die besondere en algemene openbaring gebruik te word, dws die beste huidige menswetenskaplike bevindings.

2.9 Die Algemene Sinode besluit om 'n Christelik-Bybels-etiese model oor die seksualiteit vir alle mense te ontwikkel om gemeentes te begelei in die lig van voorafgaande besluite. Hierdie saak word ook verwys na die Taakspan vir Leerstelling en Aktuele Sake, wat reeds 'n soortgelyke opdrag in A.8.2 bl 172 punt 7.4 ontvang het.

2.10 Die Algemene Sinode besluit om 'n bevatlike oorsig van die NG Kerk se reis met homoseksualiteit saam te stel en te versprei om gemeenteleiers te bemagtig in die begeleiding van gemeentes oor hierdie saak.

SELFDEGESLAGVERHOUDINGS: NAMIBIË (Notule Dag 6 pt 13)

1. Die Sinode van Namibië versoek die Algemene Sinode om kennis te neem dat pt 4 in die goedgekeurde voorstel wat soos volg lees “erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenis van persone van dieselfde geslag”, in stryd is met die landswette van Namibië.

2. Die Algemene Sinode keur goed dat hierdie besluit oor selfdegeslagverhoudinge nie van toepassing is op die Sinode van Namibië nie.

SELFDEGESLAGVERHOUDINGS: KERKREGTELIKE EN REGSIMPLIKASIES (T.18.5 bl 1pt 1, Notule Dag 6 pt 13)

1.1.1 Die Algemene Sinode dra dit aan die ASR op om die kerkregtelike- en regsimplikasies van enige besluit(e) insake selfdegeslagverhoudings te ondersoek, met verslag en aanbeveling aan die Algemene Sinodale Moderamen.

1.1.2 Die Algemene Sinode neem kennis dat volgens die *Civil Union Act*, 17 van 2006 vereis word dat denominasies skriftelik by die Minister moet aansoek doen om toestemming te verkry om selfdegeslagverbintenis te voltrek (vergelyk Klousule 5 wat soos volg lees: *Designation of ministers of religion and other persons attached to religious denomination or organisation as marriage officers: (1) Any religious denomination or organisation may apply in writing to the Minister to be designated as a religious organisation that may solemnise marriages in terms of this Act*).

SELFDEGESLAGVERHOUDINGS – MENSE WAT SEERGEKRY HET (Notule Dag 6 pt 13)

3.1 Vanuit ons verbintenis tot die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid sê ons as Algemene Sinode opreg jammer vir mense wat seergekry het en wie se waardigheid aangetas is

weens enige homofobiese taal, gedrag of gesindheid van die kant van die kerk, ook tydens hierdie vergadering.

3.2 Die Algemene Sinode weerhou haarself voortaan van enige homofobiese taal, gedrag en gesindheid juis vanweë ons verbintenis aan die Seisoen van Menswaardigheid, en ook vanuit 'n diepe oortuiging van die diskriminerende aard van sodanige taal, gedrag en gesindheid as gevolg daarvan.

SELSORGKREDIETSISTEEM (A.16.3 bl 358 pt 4.5.2.2, Notule Dag 4 pt 10)

Die Algemene Sinode

4.5.2.2.1 bevestig dat die selfsorgkredietsisteem, soos voorheen goedgekeur, onveranderend hanteer word.

4.5.2.2.2 versoek ringe om gemeentes en leraars ter wille van leraars se eie versorging hierin te begelei.

SELIBAATVOORWAARDE (BESLUIT 7 van 2007) EN MENSWAARDIGHEID VAN HOMOSEKSUELE AFGESTUDEERDES (B.15 (Aanvullende Agenda) bl 98, T.18.2 bl 1 pt 2, Notule Dag 4 pt 12)

2.1.2.1 Die Algemene Sinode besluit dat Beskrywingspunt B.15 nie ontvanklik is nie.

2.1.2.2 Die Algemene Sinode besluit dat tydens die bespreking van selfdegeslagverhoudings kennis geneem kan word van die inhoud van B.15.

STANDPLAASVERWISSELING (A.16.3 bl 358 pt 4.6.2, Notule Dag 4 pt 10)

Die Algemene Sinode:

4.6.2.1 neem met dank kennis van die riglyne oor standplaasverwisseling (Bylaag 2);

4.6.2.2 versoek sinodes om aktief mee te werk aan die bedieningsvernuwing en -vreugde van leraars deur middel van standplaasverwisseling;

4.6.2.3 herbevestig sy besluit dat daar met leraars wat langer as 10 jaar in een werkkring/gemeente 'n gesprek gevoer moet word ten opsigte van bedieningsvreugde/standplaasverwisseling.

STATUTÊRE REGISTRASIE (A.16.3 bl 357 pt 4.2.2, Notule Dag 4 pt 10)

Die Algemene Sinode neem kennis van die onderhandelinge wat steeds in proses is om bedienaars van die Woord statutêr as pastorale versorgers te laat registreer.

TAAKSPAN VIR TAAKSPANNE (Notule Dag 6 pt 12, 16)

TEOLOGIESE OPLEIDING (Verslag A.16.1, T.16.1.1 bl 1 pt 3, Notule Dag 3 pt 16)

3.2 Die Algemene Sinode is dankbaar oor die goeie gehalte opleiding wat studente geniet aan die drie teologiese fakulteite waarby die NG Kerk betrokke is en versoek daarom die gemeentes in die onderskeie sinodes om jongmense aan te moedig om teologie te studeer.

TEOLOGIESE OPLEIDING: OUDIT VAN (A.16.1, T.16.1.1 bl 1 pt 3, Notule Dag 3 pt 16)

3.5 Die Algemene Sinode versoek die Algemene Kuratorium om in die lig van die profiel van die afgestudeerde student 'n volledige oudit te doen van die teologiese opleiding ten einde oa te bepaal aan welke sake, indien wel, die onderskeie kuratoria verdere aandag moet gee.

TUSSEN-ORDE

Kyk by Kerkhereniging: Tussen-Orde

TWEDELOOPBAANSTUDENTE EN KERKLIKE DIENSWERKERS (A.16.1, T.16.1.1 bl 1 pt 3, Notule Dag 3 pt 16)

3.3 Die Algemene Sinode versoek die Algemene Kuratorium om die volgende vergadering van die Algemene Sinode met praktiese voorstelle te dien rakende die implementering van die opleiding van tweedeloopbaanstudente en kerklike dienswerkers.

TYDELIKE TAAKSPANNE (A.1 bl 13 pt 12.2.1.3, T.18.1 bl 1 pt 2.3.2, Notule Dag 2 pt 3)

Die Algemene Sinode neem kennis van die bewoording van *die Kerkorde 2013, Reglement van Orde*, pte 7.4 en 7.5.

VBO-FORUM (T.16.3.1 bl 2 pt 1.4, Notule Dag 4 pt 10)

Die Algemene Sinode:

1.4.1 besluit dat die sogenaamde uitgestelde kurrikulum vir die eerste drie jaar na legitimasie ontwikkel en gefinaliseer sal word;

1.4.2 besluit dat die drie Sentra sitting op die Algemene Kuratorium sal hê;

1.4.3 versoek streeksinodes, ringe en gemeentes om alles moontlik te doen om dit vir predikante moontlik te maak om aktief aan VBO deel te neem;

1.4.4 besluit dat die VBO-taakspan (vroeër Forum) se werksaamhede deel sal uitmaak van die begroting van die ASP wat deur die Algemene Sinode befonds word en nie uit registrasiefooeie nie;

1.4.5 besluit dat die administrasie van die VBO-punte op die CPD Solutions-platform steeds deur Shepherd hanteer word en die ASP vir die koste daaraan verbonde verantwoordelikheid sal neem.

VBO-KREDIETSTELSEL (A.16.3 bl 357 pt 4.5.1, Notule Dag 4 pt 10)

Die Algemene Sinode:

4.5.1.1.1 bevestig dat die VBO-kredietstelsel, soos voorheen goedgekeur, onveranderend hanteer sal word;

4.5.1.1.2 versoek ringe om jaarliks na aanleiding van bogenoemde, die VBO-krediete te kontroleer en toe te sien dat dit op datum is;

4.5.1.1.3 bevestig dat die kurrikulum vir VBO deur die Algemene Kuratorium hanteer word;

4.5.1.1.4 versoek ringe en leraars om behoeftes vir verdere bedieningsontwikkeling aan die onderskeie Sentrums en Kuratoria deur te gee.

VBO EN SELFSOR GKREDIETE (A.16.3 bl 357 pt 4.5, B.13 (Aanvullende Agenda) bl 97, T.16.3.1 bl 1 pt 2.1, Notule Dag 6 pt 17)

Die Algemene Sinode:

2.1.1 bekragtig die besluite reeds geneem by A.16.3 bl 357 pt 4.5 in die Agenda;

2.1.2 neem kennis van Beskrywingspunt B.13 en verwys dit na die ASP in hulle ondersoek na die VBO-krediete.

VERENIGDE DIENSGROEP VIR DIENS EN GETUIENIS (A.10 bl 208 pt 5.4, A.20 bl 424 pt 8, Notule Dag 5 pt 19)

Die Algemene Sinode:

8.1.1 herbevestig dat die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis 'n belangrike bydrae maak en kan maak tot die vestiging van 'n gesamentlike diens- en getuienisaksie deur die vier deelnemende kerke wat terselfdertyd ook een van die loodsprojekte vir 'n verenigde kerk kan wees;

8.1.2 versoek die Moderamen om in die huidige gesprek met die ander drie kerke in die NG Kerkfamilie oor 'n tussen-orde sorg te neem dat die opdrag en die mandaat van die VDDG soos vervat in die bestaande Memorandum van Ooreenkoms duideliker omskryf sal word ten einde te verseker die VDDG die kerkordelike ruimte en bevoegdheid het om hierdie bydrae te kan maak;

8.1.3 versoek die Moderamen om in die 2016/2017-begroting reeds aandag te gee aan die kapasiteitsbehoefte van die VDDG.

VGKSA: BILATERALE GESPREKKE (A.10 bl 206 pt 4.3.5, Notule Dag 5 pt 19)

4.3.5.1 Die Algemene Sinode is dankbaar oor die baie positiewe sake wat uit die bilaterale gesprekke tussen die NG Kerk en die VGKSA gevloei het.

4.3.5.2 Die Algemene Sinode bevestig sy verbintenis tot die Memorandum van Ooreenkoms en die Roetekaart vir Kerkhereniging.

4.3.5.3 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om die reaksie van die VGKSA se ASK en Algemene Sinode te ontvang en indien nodig in bilaterale gesprekke en by 'n Uitgebreide Moderamen te hanteer.

VIKARIAAT EN NAGRAADSE BEURSE (A.16.1, T.16.1.1 bl 1 pt 3, Notule Dag 3 pt 16)

3.6 Die Algemene Sinode versoek die Algemene Kuratorium om ondersoek in te stel na

3.6.1 die ondersteuning vir jong leraars sodat hulle direk na afhandeling van die formele studie kan voortgaan met 'n driejaarperiode in 'n gemeente as 'n soort vikariaat;

3.6.2 nagraadse beurse aan predikante vir oa navorsing oor die kerk.

VROEË KINDONTWIKKELING (A.14.1 bl 300 pt 4.7, Notule Dag 5 pt 21)

Die Algemene Sinode moedig sinodes en kerklike maatskaplike diensorganisasies aan om gesamentlik betrokke te raak by die UKUBA-beweging vir Vroeë Kindontwikkeling.

VROUELESSENAAR (A.21 bl 426 pt 5, Notule Dag 6 pt 8)

5.1 Die Algemene Sinode besluit om die Vrouelessenaar se werksaamhede as 'n kontinue werksaamheid te aanvaar, en versoek sinodes om verteenwoordigers aan te wys wat deel van die netwerk kan vorm.

5.2 Die Vrouelessenaar word versoek om die netwerk van kundiges te koördineer

en jaarliks byeen te bring.

5.3 Die Algemene sinode keur goed dat die Vrouelessenaar namens die NG Kerk met vroue in ander kerke, die NG Kerkfamilie en vroue-organisasies skakel.

5.4 Die Algemene Sinode keur die Vrouelessenaar se betrokkenheid by die Reformatoriese Christenvroueforum met dank goed.

5.5 Die Algemene Sinode keur goed dat die Vrouelessenaar 'n Nasionale Vrouekonferensie as 'n vieringsgeleentheid vir die vrouelidmate van die NG Kerk reël en organiseer.

VROULIKE PROPONENTE – GETROUDE VAN (A.18 bl 410 pt 7.1, Notule Dag 5 pt 17)

7.1.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die volgende adviese van die ASR:

7.1.1.2 Die ASR adviseer gelegitimeerdes van die NG Kerk om die ASP in kennis te stel van enige verandering van van met vermelding van die van waaronder hulle wil registreer en in die Kerk amptelik bekend wil staan.

7.1.1.3 Die ASR versoek die ASP om die moontlikheid te ondersoek van die wysiging van die akte van legitimasie/bevestiging in sodanige gevalle.

VROUE: UITSLUITING VAN (Notule Dag 6 pt 13)

Hierdie Algemene Sinode vra alle vroue wat geroep was om predikant te word, nederig om verskoning dat hierdie kerk, naamlik die NG Kerk, u nie toegelaat het om dit tot uitvoering te bring nie.

WAARDERENDE GESPREK: IMPLIKASIES VAN (A.16.1 bl 343 pt 2.5, Notule Dag 3 pt 16)

Die Algemene Kuratorium word versoek om verdere uitvoering te gee aan die besinning oor en implikasies van die tersaaklike aspekte wat uit die Waarderende Gesprek blyk.

WETENSKAP EN GELOOF

Kyk by Gereformeerde Hermeneutiek

WET 2 VAN 2000 (A.2 bl 27 pt 3.5, Notule Dag 2 pt 14)

3.5.1 Die Algemene Sinode wys – vir die doeleindes van Wet 2 van 2000 – 'n *ex officio*-lid met stemreg by die ASA as die “Inligtingsbeampte van die NG Kerk”, aan.

3.5.2 Die Algemene Sinode versoek sinodes (met uitsondering van Namibië) om al hulle gemeentes, ringe, kerklike instansies en kantore gereeld te versoek om uitvoering aan die vereistes van Wet 2 van 2000 te gee as 'n saak van dringendheid.

XENOFOBIE (A.12 bl 251 pt 3.1.2, Notule Dag 6 pt 4)

Die Algemene Sinode spreek sy dank uit vir hierdie meningsdokument en beveel dit aan vir gebruik in sinodes en gemeentes – maar ook as belangrike openbare getuienis in ons samelewing en teenoor die regering/staat.